# SUBNUUS

US LIBRARY SERVICE
US BIBLIOTEEKDIENS

**Vol. 28(1)** **April 2008**



**In hierdie uitgawe:**


- Ellen's visit to the USA
- Ons neem afskeid van Amanda en Susanne
- Nuwe studente-assistente by IDP's en Bronverskaffing
- Nuwelingoriëntering 2008
- The Fugitive besoek die Biblioteek!
- Misdaad in Biblioteke

## INHOUD


| | |
|---|---|
| Redakteursbrief | 2 |
| In Memoriam: Adriaan Coetzee<br>deur Berta Els | 3 |
| **Hoofartikel:** | |
| Library visits, a conference and a OCLC meeting by Ellen R Tise | 4 |
| **Personeel:** | |
| Ons neem afskeid van Amanda | 6 |
| Ons groet vir Susanne Botha | 10 |
| Welkom aan Crystal Hendrikse! | 12 |
| Nuwe personeel by Bronverskaffing: Sidney February | 13 |
| Die FB's groet vir Tracy | 13 |
| Nuwe studente-assistente by Inligtingsdienspunte | 14 |
| Nuwe studente-assistente by Bronverskaffing | 17 |
| Die Fakulteitsbibliotekarisse se teambuilding uitstappie<br>deur Niel Hendriksz | 19 |
| The Fugitive deur Reinet Faasen | 20 |
| **Professioneel:** | |
| 'n Leeftyd in die diens van boeke | 21 |
| My (laaste?) trek na 1007<br>deur Elda Nolte | 22 |
| Misdaad in 'n bib<br>deur Carine Tymbios | 23 |
| Boekdief deur Mimi Seyffert | 24 |
| Die suksesverhaal van Nuwelingoriëntering 2008 | 25 |
| **Film en Musiek:** | |
| The Darjeeling Limited, The Bucket List, The Lives of Others<br>deur Carine Tymbios | 28 |
| Vier flieks, drie venues<br>deur Marié Roux | 29 |
| Onder 4 ogen - Herman van Veen<br>deur Margaret Bergh | 29 |
| **Boeke:** | |
| Chick Lit<br>deur Elsie Geldenhuys | 30 |
| *Homecoming* / Bernard Schlink | 31 |
| Beste boek: The art of possibility<br>deur Hanlie Strydom | 31 |




# Redakteursbrief

Die eerste uitgawe van *Subnuus* het ongelukkig in 'n baie besige tyd geval, dus kom dié uitgawe 'n bietjie later uit as wat beplan is. Ek hoop egter die lekker lees gaan opmaak daarvoor!

Ons redaksie het verander: Baie welkom aan N'Ré en Judy! Ons kan reeds sien julle gaan 'n groot aanwins wees vir *Subnuus*. Baie dankie aan Marleen en Carine vir julle deurlopende entoesiasme om artikels (en foto's!) te versamel. Later in die jaar sal ons ook kyk na 'n nuwe uitleg om *Subnuus* 'n bietjie op te kikker.

In hierdie uitgawe gee Ellen eerstens interessante terugvoer oor haar besoeke in Amerika. Ons neem soos gewoonlik afskeid EN verwelkom nuwe gesigte. Die storie van KFM se The Fugitive het alreeds vir baie lagsessies gesorg by teetyd, maar baie dankie aan Reinet wat dit verwoord het en die opwinding van dié dag met almal deel.

Ons het ook goed gedink om iets oor die suksesvolle nuwelingoriëntering te plaas. Lucia het vir ons 'n inleidende artikel geskryf en rondleiers gee ook terugvoer oor onder andere interessante dinge wat studente kwytgeraak het tydens die oriëntering.

Films, musiek en boeke sal seker ook altyd hoog op bibliotekarisse se lysie wees. Dankie vir almal wat ook hier hul ervarings met ons deel.

Die jaar is reeds byna halfpad verby, maar voorspoed met die alomteenwoordige veranderinge wat voorlê, of dit nou in die ekonomie, of hier by die Biblioteek is!

*Marié*

**Redaksie:**
**N're Moore, Marié Roux (red), Carine Tymbios, Marleen van Wyk (fotograaf) en Judy Williams**



# In Memoriam: Adriaan Coetzee



'n Mens verval maklik in clichés wanneer jy oor 'n vriend of kollega na sy/haar afsterwe 'n huldeblyk moet skryf en hierdie huldeblyk sal seker geen uitsondering wees nie. Ek kan nie regtig mylpaal vir mylpaal verhaal oor Adriaan se kort maar suksesvolle professionele loopbaan nie. My bydrae is meer oor 'n kort periode, nl. die implementering van die Aleph Biblioteek- en Inligtingstelsel. Gedurende dié periode het ons skouer aan skouer gewerk en in die professionele sin 'n hele paar sakke sout opgeëet.

In Adriaan het die biblioteekprofessie 'n fyn mens met 'n goeie humorsin, 'n kreatiewe denker, 'n goeie luisteraar en 'n harde werker verloor. 'n Persoon vir nuwe idees en denke. 'n Persoon wat hom met ewe veel entoesiasme aan sy werk, kuns, sy geloof en familie toegewy het.

Adriaan het al hierdie eienskappe as projekleier na die Aleph implementeringspan (PITCREW en IMPTEAM) gebring. Voor my geestesoog sien ek hom nog aan die kop van die tafel by so 'n implemeteringsvergadering, by Gesondheids-wetenskappe Biblioteek op Tygerberg vanwaar die PITCREW gefunksioneer het, sit. Hy moes dikwels soos 'n Moses in die woestyn gevoel het met 'n volk wat oor alles mor en kla. In dié geval dalk nie so 'n onvanpaste beeld nie, want het sommige lede van die span nie enkele maande vantevore juis in Israel met die onwillige Farao (Ex Libris) gaan onderhandel nie… Hy het geluister, getroos en kwaad geword. "Smoke breaks" was volop – hoe anders met Adriaan en John Dovey in die span. Harde woorde en nog harder trekke aan die sigarette was aan die orde van die dag, daarna kalmte en werk, mislukking en sukses. Onder Adriaan se leiding (lyding) moes daar oplossings kom, hy was resultaat gedrewe - al het dit veertig jaar in die woestyn gekos! Anders as Moses kon hy woorde goed gebruik, verbaal en skriftelik, Afrikaans en Engels met dieselfde gemak. 'n Notule wat Adriaan opgestel het was 'n fees, daar was gewoonlik na die lees van die notule meer begrip en verstaan vir wat eintlik op 'n vergadering gebeur het!

Tydens die besoek aan Israel het sy helder denke, kundigheid op die gebied van die tegnologie, sy vaardigheid met woorde en sy diplomasie in dikwels moeilike situasies en staking van gesprekke die saak gered. Adriaan het ons in die middernagtelike ure gemotiveer om besluite van die dag vas te lê, wanneer ons almal moedeloos was en net wou omval en slaap.

Adriaan het tydens die kort toer na sommige van die historiese en religieuse besienswaardighede in Israel opreg nederig die diep geestelike betekenis wat die besoeke vir hom ingehou het, getoon.

Tydens die terugvlug, 'n dagvlug, het Adriaan en ek langs mekaar gesit en gedurende die agt uur van die vlug onophoudelik gepraat en geluister – bestuurstyle, strategiese sake, CALICO probleme, godsdiens, kuns, familie. Ek het baie van hom geleer.

'n Nuwe biblioteek vir die destydse Kaapse Technikon staan as 'n monument vir hom as leier van die Technikon biblioteekspan. 'n Biblioteek waar jy altyd welkom was en waar die personeel trots was op die span waarvan hulle deel is en op elkeen se individuele bydrae daartoe. 'n Werksomgewing wat beïnvloed is deur die leier, sy waardes en werksetiek. Ander sal voortbou op sy nalatenskap en bydrae tot die suksesvolle samesmelting van die destydse Kaapse - en Skiereilandse Technikons.

Sy lewe was vinnig, volledig. Ek groet 'n gewaardeerde kollega.

Berta Els

HOOFARTIKEL

# Library visits, a conference and a OCLC meeting

Ellen R Tise

I attended the Ontario Library Association Super Conference held at the Metro Toronto Convention Centre from 30 Jan – 3 February 2008. I was invited as a guest speaker to the Closing Luncheon Gala of the conference. The theme of the conference was “Reinvention, Regeneration and Rejuvenation”. A variety of plenary and workshop sessions were held, culminating at the Closing Luncheon. The title of my speech was “Reinventing libraries worldwide: libraries for knowledge societies”. Although I was not able to attend many sessions, I had an opportunity to network and engage with colleagues in a different part of the world.

From Toronto I traveled to Washington, DC where I was hosted by the Library of Congress.

On February 4, I spent the day at the Library of Congress. The visit included a tour of the Thomas Jefferson building, conducted by Dr. John Cole, Director - LC Center for the Book, a walk through of the Jay Kislak Exhibit; tour and meeting with staff of the African & Middle Eastern Division, etc. I viewed a display of miscellaneous collections of Africana materials and had a briefing on digital projects on Northern Nigeria and Mali’s Timbuktu Arabic language manuscripts. Thereafter I met with the African Acquisitions staff at the Madison Building. This was followed by the Black History Month Program where I gave a talk on “The relevance of libraries to societal change: reflections from South Africa”.

Senior staff members of LC present included, Centre for the Book Director Dr John Cole; the Library of Congress Professional Association (LCPA); Office of Workforce Diversity Chief Ms. Deborah Hayes and Dr. Deanna Marcum, Associate Librarian for Library Services. A reception followed and in the afternoon I met with Michelle Rago, Office of Strategic Initiatives, World Digital Library presentation and Diane Vogt-O’Connor, Chief, Conservation Division, Preservation Directorate.

At the end of the first day, I attended a dinner meeting with the DC Chapter of the Special Libraries Association, International Relations Round Table.

The next day February 5, I met with senior staff at the Special Library Association (SLA) Headquarters in Alexandria, Virginia. This was followed by lunch with area library association leaders at the American Library Association, arranged by Emily Sheketoff, Washington Office Executive Director.

At 5pm I participated in a Colloquium at the American Catholic University, School of Library and Information Science, where I gave another talk on “Change and Libraries”, followed by a very lively discussion.



**American Library Association, Washington DC Office, Executive Director and other senior staff**

On February, 6th, I visited several special and university libraries in Washington DC, namely George Washington University Library, the International Monetary Fund, World Bank, National Geographic Society and Howard University libraries. Fruitful discussions with senior staff were held at these institutions. Examples of best practices and possible collaboration ideas for the US were explored.

I visited the Columbia (DC) Public Library on February 7th and sat in on part of the senior management team meeting. Two interesting topics relevant to the SU were discussed, i.e. the development of a new communications plan for the library and a staff induction programme. The visit ended with a tour of the Martin Luther King Jr. Memorial Library with Nancy Davenport and Pam Stovall, a visit to the Popular Library and Young Adult Library, Black Studies and Washingtoniana collections.

On February 8th I visited the US Geologic Survey Institute Library on my way to the airport for departure to Dublin, Ohio for the OCLC Members Council meeting.

I attended the OCLC Members Council meeting in Dublin, Ohio from 9 – 12 February 2008. Over 200 delegates, alternates, board members, network and service center directors, guests, and OCLC staff convened for the Members Council Meeting in Dublin, Ohio. This meeting’s purpose was to discuss innovative ideas in creation and delivery of information services under the annual theme of *”Moving Forward with New Understanding: Our OCLC Collaborative, Its Services and Each Other,* facilitated by Marshall Keys, former Executive Director of NELINET and Council member. Delegates also discussed their responses to the report of the Governance Study Committee.

Of interest to the SU Library & Information Service was the Opening Address by Joe Branin, University Librarian of The Ohio State University - "Library Design in the Information Age", and a presentation by Carol Mandel, Dean of Libraries, New York University - "Defining a 21st Century Library for Faculty and Graduate Student Research".

Joe Branin began his presentation with a brief virtual tour of The Ohio State University Main Library, which is in the ninth year of a 10-year, $109 million renovation project. The original William Oxley Thompson Memorial (Main) Library building, located at the center of the Ohio State campus, was completed in 1913. Several additions were constructed between then and the late 1970s. Following a task force and feasibility study from 1998–2002, design work and construction began on a new main library that is specifically designed to update and restore some of the original architecture, to accommodate the changing nature of print collection management and the growing importance of "learning space" in libraries.

Mr. Branin said designing library space today poses explicit and tacit challenges—financial challenges, architectural challenges, changing information technology, multiple constituents with different perceptions of what the library should be, and new learning and research patterns were all considered during the project. Leaders of the renovation project held open meetings, led focus groups, conducted surveys, maintained a Web site where suggestions were encouraged and observed faculty and student behaviors, all in an effort to make the right decisions for the project.

The renovation project resulted in programmatic reorganizations in the library, which included placing greater emphasis on content management, learning and outreach; consolidation of collections and service points; more collaboration with other libraries; public space that is varied, flexible and information technology-rich; and creating "learning space" that allows for social interaction. (*From minutes of February 2008 Members Council meeting*).

Carol Mandel discussed findings of a study focused on defining a library research environment for NYU. She said that the NYU Libraries had completed a successful information commons renovation recently where they focused on group study rooms, different kinds of seating arrangements and other new learning spaces. She described those renovations as "wildly successful—it's full of students all the time." She said she was confident about what kind of environments works well with undergraduate students, but was unsure of faculty and graduate students. Interviews with faculty members and focus groups with graduate students provided the major source of data for the study, and a number of core issues surfaced that scholars face as they engage in their research activities. Interviews determined that there is a great interest in the question of space for research, especially physical space and ways that the library can serve as a dynamic environment that contributes to intellectual and community life.

According to the study, in the new world of scholarly research, there are many ways to support and enable the diverse work of scholars. Ms Mandel said that at NYU, the changing story of scholarly work can be supported by improving spaces for work; enabling collaboration and connections across disparate disciplines; making the discovery process more powerful; expanding beyond traditional conceptions of the library; and creating more spaces and mechanisms for intellectual creativity and inspiration".

She said that of all the findings they made the one that struck her the most was the issue of stimulation and inspiration. "The research process requires a variety of inputs and stimulations that are not just about doggedly tracking something down, but what happens when you look up from that dogged tracking and talk to other people and get stimulated and just think creatively". (*From minutes of February 2008 Members Council meeting*).

My visits and the OCLC Members Council meeting were very stimulating and generated several innovative ideas which I'm planning to explore and hoping to implement locally.



**International Monetary Fund, with Marion A. Richards, Head Librarian, Library and Archives of Development Information Solutions Group, The World Bank**

PERSONEEL

# Ons neem afskeid van Amanda

## Amanda gewis nie niemand nie!



Soos dit by baie werkplekke gaan, is die sekretaresse 'n baie magtige persoon! Amanda was inderdaad een wat in hierdie kategorie geval het. Sy kon, wanneer sy wou, jou goed laat rondhardloop, laat naels kou, laat bloos van boosheid, laat beef van vrees en in die algemeen net laat sweet. Maar sy het haar domein ook met uniekheid, interessantheid, menslikheid en hebbelikheid getooi. En dit is wat 'n mens uiteindelik van haar onthou - die *mensch*. Die leemte wat Amanda laat, is van iemand wie se voete plat op die aarde was, onopgesmuk, eerlik en altyd haarself.

Al die Biblioteek se groot geleenthede dra ook nog haar stempel en sal nog lank monumente in ons geheue wees.

Amanda, ek hoop daar kom nog baie avonture en uitdagings oor jou pad en dat ons op 'n manier daarvan te hore sal kom.

Lucia Schoombee

Mmm, om saam met Amanda te werk. Wat kan ek sê? Dit was soos die seisoene. Party dae was vol sonskyn, ander dae het die bloeisels geblom en o, dan was daar die winderige herfsdae en die ysige winters met sy onverwagte sneeustorms. Maar elke oomblik 'n nuwe ervaring. Amanda se vermoë om iets gereël te kry en elke keer 'n sukses daarvan te maak was wonderbaarlik. Sy het 'n ding dan en daar aangepak, dit afgehandel sonder om te kla en die uitkoms was altyd suksesvol. Amanda was altyd bereid om raad te gee en te help. Sy was 'n ware leermeester vir my. Amanda gaan definitief 'n leemte in die biblioteek laat. Ons wens haar net die beste toe vir die nuwe uitdagende toekoms wat voorlê.

Selma Kloppers

## AMANDA, HELPER, ORGANISEERDER EN ... VELE MEER

Ek sal nooit Amanda se verjaarsdag vergeet nie: ons het vir 13 jaar saam gewerk en op 11 September 2001 is die wêreld op sy kop gekeer as gevolg van die gebeure in Amerika! Ek was via Nederland op pad na Boedapest en het in Johannesburg hiervan verneem. Gelukkig het ek reeds my gelukwensinge aan Amanda met haar verjaarsdag oorgedra, want na die Twin Towers se ineenstorting, was dit moeilik om iemand per selfoon te bereik.

Om so lank saam met iemand te werk, maak dat julle mekaar goed leer ken. Sy het byvoorbeeld toe ek in 1995 dertig jaar diens gehad het, die hulp van die katalogiseerders ingeroep om my te "kat en klas"! Daarom Amanda, neem ek graag uit 1 Maart 1995 se bundel aan my, ook vir jou die woorde,"jy was 'n super sekretaresse/persoonlike assistent!" Baie dankie!

As ek terug dink kom daar so baie herinneringe by my op oor die tyd wat ons saam gewerk het, maar ek volstaan met enkele opmerkings oor dié tyd:

- Die jaarlikse symposium (sedert 1998) sou nie so suksesvol verloop het as dit nie vir Amanda se toewyding, aandag aan detail en rekordhouding van alle kontakte was nie.
- Die jaarlikse braai was dieselfde: sy het presies geweet wat om te doen en ek kon dit rustig aan haar oorlaat.
- Die personeel se jaareindfunksie het ook Amanda se stempel gedra en was altyd 'n reuse sukses.
- Dan was daar die kere wat sy inkom en sê: Jy het genoeg spanning en probleme, dit is 'n mooi dag en ons gaan gou by Katjiepiering tee drink! Wie kon nee sê?

Ek weet nie hoeveel Sanlam/Burger fietsrenne van

ons saam met Amanda gery het nie, maar dit was altyd genotvol en ’n goeie spanbou geleentheid. Die staptog laatmiddag teen Leeukop sal ek ook nie gou vergeet nie. Die Comrades het sy alleen aangepak en ek weet nie hoeveel ander half marathons sy gehardloop het nie, maar dit moes baie wees.

Wat die werk betref, staan een aspek van Amanda se optrede uit en dit is haar diskresie en professionaliteit waarmee sy haar dagtaak volvoer het. Uit die aard van die saak het sy met baie vertroulike en sensitiewe inligting gewerk, onder andere personeelsake. Nooit, maar nooit sou sy by my met “stories” oor personel aangekom het nie! Amanda, dit het ek baie waardeer. Soms sou ek haar vra, wat is die jongste stories onder die personeel? Dan sou sy net glimlag en antwoord dat sy nie ’n idee het nie.

Omdat Amanda ook vir Johan as sekretaresse opgetree het, het sy dit soms baie druk gehad. Sy sal dan so teen 09h30 inloer en my meedeel dat sy gou vir 5 minute uit is. Later het ek al geweet sy gaan gou na Neelsie om koffie te koop en jelly babies! Sjokolade was ook nog ’n gunsteling van haar. Sy het oor die vermoë beskik om massas werk in ’n bepaalde tyd (soms tuis ook) af te handel!

Waarvan het Amanda nie gehou nie? Liassering en om onnodig dokumente te skep wat weer geliasseer moet word. Soms was die telefoon ook lastig en as dit prestasie-evalueringstyd was, moes baie afsprake gemaak word. Tee het sy ook nie graag aangedra nie, maar wel gesorg dat mens nie dors ly nie!!

Amanda, my beste wense vergesel jou en ons sal nog die koppie koffie drink wat agterweë gebly het!

Voorspoed vir die lewe na die Gericke biblioteek!

Hennie Viljoen

## AMANDA : FINAL GOODBYES

As 'n mens oor Amanda Niemand dink en jy soek een begrip wat haar as persoon goed sal omskryf, is daar een wat dadelik na vore kom: "Tough Cookie." Die definisie in *The Free Dictionary* sê "Someone who is very determined to do what she wants, and who usually succeeds, even in difficult situations."

As 'n mens 'n oorsig oor Amanda skryf, moet ’n mens noodwendig Amanda die sekretaresse en Amanda die mens (sjoe dit klink nou asof sekretaresses nie mense is nie!) skei. Oor ’n periode van 17 jaar het ek albei van hulle goed leer ken, en het ek groot bewondering vir albei van hulle.

As ek begin by die *sekretaresse*, dan moet ek eerlik sê dat sy uitstekend was. In die situasie waarin ek nou is, en ek nie 'n goeie sekretaresse het nie, besef ek die waarde van iemand soos Amanda terdeë! Haar rekenaarvaardighede was uiteraard uitstekend en ek het in dié verband baie by haar geleer. Sy was altyd gretig om nuwe dinge te leer en het graag kursusse bygewoon om haar vaardighede op te skerp. Ek sal altyd onthou hoe professioneel sy agenda-stukke van groot vergaderings soos die CLD in ’n lêer vir my saamgevoeg het, met strokies waarop die nommers van die agendapunte aangebring is om dit maklik op te spoor. Ek het soms na die ander lede se deurmekaar agendastukke gekyk en dan besef hoe gelukkig ek is. Wanneer personeel na ’n konferensie gegaan het, het elkeen ook vooraf ’n lêer gekry waarin die vliegtuigkaartjies, hotelbesprekings, konferensieprogram en enige ander relevante dokumentasie netjies saamgebind is. Al die reisbesprekings en hotelverblyf kon ’n mens in haar hande laat, wetende dat daar nie haakplekke sal wees nie. Ek weet egter ook dat sy geweldig geïrriteerd geraak het met mense wat vol fiemies was oor waar hulle wou bly, hoe laat hulle wou vlieg, ensovoorts.



PERSONEEL

# Ons neem afskeid van Amanda (verv.)

Een uitstaande kenmerk van Amanda die sekretaresse, was ook die feit dat 'n mens haar absoluut kon vertrou met vertroulike of sensitiewe inligting, veral ook personeelsake. Amanda was beslis nie een vir stories aandra nie. Amanda het nogal 'n kreatiewe element en sy het graag betrokke geraak by dinge wat so 'n bietjie weg was van die normale roetine. So het sy 'n geweldige inset gemaak by die jaarlikse simposium en soms eintlik te veel take op haarself geneem. Dit het gewissel van die ontwerp van die program en die registrasieproses, uitsoek van konferensiesakke, maak van naambordjies, bemarking van die simposium, ag te veel om op te noem. Sy was beslis 'n integrale deel van die sukses van die simposium. In die proses het sy baie van haar persoonlike tyd na ure ingeboet, en selfs baie ritte met haar eie motor op haar eie koste onderneem, sonder om ooit daaroor te kla.



**Amanda se afskeidsete saam met 'n paar Senior Bestuurslede**



Amanda is iemand met baie inisiatief, en dit het veral geblyk tydens geleenthede soos die jaarlikse afsluitingsfunksie vir personeel, en ook die ontbyt op die laaste werksdag van die jaar. Haar inset by dié geleenthede gaan in die toekoms beslis gemis word.

As 'n mens na *Amanda die mens* kyk, is jou eerste indruk dat sy nie 'n copy is nie! Sy is haar eie mens, sy is onkonvensioneel en onafhanklik. Beslis nie 'n groepdier nie, en sy is nie gepla met wat die Jones's next door doen nie! Amanda is nie 'n "pleaser" nie en sy sal nie skroom om iemand trompop te loop as sy dink dis nodig nie. Soms het sy dit te vinnig gedoen, dan het dit haar na die tyd gepla (dis waar hoor!), en het sy vir my gevra of ek dink sy het verkeerd opgetree. Dikwels het ek vir haar gesê ja, ek dink jy moet verskoning vra. Ander kere het ek weer gesê, nee wat, ek dink die persoon het dit nodig gehad! Ek het die idee gekry dat Amanda nie so baie mense in haar binnekring toegelaat het nie, maar teenoor dié wat wel daar is, is sy uiters lojaal. Amanda het beslis iets van 'n avonturier in haar en sy het dit geweldig geniet om vreemde plekke te besoek, maar dan ook nie sommer die normale destinasies van die gewone toeris nie. Sy het dit veral geniet om haar liefde vir padwedlope hiermee te kombineer en het in die proses aan marathons op snaakse plekke deelgeneem: van eksotiese eilande tot Alaska! Dit lyk my dit is iets wat eie is aan die familie, en dit is een faset van Amanda wat ek sal onthou: die besondere hegte band tussen haar en haar susters.

Ek en Amanda het 'n besonder goeie verhouding gehad en het op interpersoonlike vlak bitter min verskille of geskille gehad. Dit ten spyte van die feit dat sy kort na haar koms na die bib vir my gesê het dat mans "second rate citizens of this world" is!

Amanda het oor 'n periode van meer as 17 jaar 'n geweldige bydrae gemaak tot die sukses van die JS Gericke Biblioteek, en het ook 'n onuitwisbare indruk op baie van ons gelaat. Ek wens haar alles van die beste toe. Ek dink sy het nog baie avonture om te beleef, en ek sal graag meer daarvan wil hoor!

Johan Engelbrecht

# Fotoverhaal

## PERSONEEL




Een van die vele Leeukop volmaanstappe wat Amanda gereël het







*Bo en links:* **Afskeidsgeselligheid van 2007, waar daar ook afskeid van Amanda geneem is.**



*Links:* **Amanda altyd op reis**

*Onder:* **Amanda en die marathons**





**Amanda altyd aan die stuur by funksies: Afskeidsgeselligheid 1998, voor en na die tyd.**



PERSONEEL

# Ons groet vir Susanne Botha

Susanne is 'n Bolander in murg en been. Sy het by Hugenote Hoërskool in Wellington gematrikuleer en BA met Engels en Frans as hoofvakke op Stellenbosch kom studeer. Daarna het sy HOD en Hoër Diploma in Biblioteekkunde behaal en in 1970 in die Carnegie Biblioteek se katalogiseerafdeling onder die legendariese Juffrou Esther Basson, beter bekend as "Juffrou", begin werk.



In dieselfde periode is sy getroud met Louis, legende in eie reg. Sy het vir 'n aantal jaar twee seuntjies grootgemaak en 'n Diploma in Skoolbiblioteekkunde deur Unisa afgehandel. In 1983 het haar tweede inkarnasie by die Biblioteekdiens begin toe sy by die Teologie Biblioteek begin werk het, weer eens onder "Juffrou". Die eerste paar jaar het ons 'n kantoor gedeel – nie net gedeel nie, maar daagliks regoor mekaar gesit.

Susanne het baie meer as 'n kantoor met my gedeel. Sy is 'n warm en gul mens wat haar lewe en idees, bystand en raad, en veral haar pittighede en oorvloedige kennis – baie belangrik in 'n biblioteek! – met mense rondom haar gedeel het.

Ons sal Susanne onthou vir haar positiewe geaardheid. Wie sal vergeet hoe sy, dikwels met 'n gedrae intonasie in haar stem, die volgende sê?

Ai, die lewe is 'n lied!
Ag sieeeeestog!
Sies, julle is nou baie lelik (wanneer almal nie haar medelye oor 'n "ag siestog" geval deel nie).
Hy/sy is darem 'n goeiiiiiie mens.
Hy/sy is 'n engel des ligs.

Sy was soms baie ordentlik, selfs onskuldig, en kon lekker bloos wanneer iets stouterig kwytgeraak word. Net voordat iemand egter dink dat Susanne 'n naïewe engel is, moet ek byvoeg dat sy ook 'n uitstekende sin vir die ironiese en absurde het. Hier is 'n paar ander sêgoed, bedoel vir spesifieke omstandighede:

In plaas daarvan om iets slegs van iemand te sê, net te sê: "Darem 'n raaaare mens". Wanneer almal nie oor iets saamstem nie, hierdie slagspreuk van 'n pragmatis: "Dis nou maar so".
"Sotheid" (selfverklarend).

Aanvullend tot die stories oor Louis en die Transkei: "Die vader des huises". Oor die lewe in Van Coppenhagenstraat 14: "Absurde teater". En: "Daar is niks so normaal soos absurde teater nie".

Om kerk toe te gaan was "om onder die geklank van die Woord te kom". En om lank laas in die kerk te gewees het, was "lank nie onder die geklank van die Woord nie".

Susanne is ook 'n leser en een van die aspekte van haar wat ek die meeste bewonder het, was die passie waarmee sy die leesgewoonte aan haar kinders oorgedra het. Vandat hulle kleuters was het sy daagliks met 'n kind onder elke arm sit en stories voorlees.

Ons sal vir Susanne onthou op 'n drafstap, want sy het niks stadig gedoen nie. Benewens werk, was daar ook bergklim, draf, stap en fietsry. Vir haar was die lekkerste ding om met haar fiets, 'n ekstra groot fiets vir ekstra lang bene, werk toe te ry. 'n Paar jaar gelede het sy die sogenaamde pelgrimsroete tot by Santiago de Compostela in die Pireneë met 'n fiets aangedurf. Twee jaar gelede het sy weer 'n gedeelte van die roete gestap. Sy sal wel 'n skerp antwoord hê indien ek die prys vir die vrou met die mooiste bene aan haar toeken.



**Susanne en Ilse by die Jaareindfunksie van 2007, waar daar ook van Susanne afskeid geneem is**

Susanne, baie dankie vir jare van harde werk, vir toewyding en energie, vir entoesiasme en ondersteuning, en bowenal, vir warm vriendskap. Ons wens jou baie heerlike jare toe, op 'n drafstap, fietsend deur die dorp en elders, en teen die aand se kant rustig met 'n glas rooi wyn in die een hand en 'n boek in die ander.

Ilse de Lange
(Toespraak gelewer tydens Susanne se afskeid)

Suster Susannah van die Kweek… Oh “a kindred spirit” wat altyd ’n glimlag in haar stem gehad het as ek oor die “phone” met haar gepraat het. Susan is die tipe siel wat dit vir ons gewone mense moontlik maak om deur die dag te kan kom, want sy kan lag vir haarself en sy het ’n lieflike stoute sy aan haar gehad. Ek weet nou nie wat sy alles gesondig het by die Kweek nie, maar sy het selfs die Middeleeuse boetedoenings pelgrimstog na Compostella del Annedinges in Spanje afgelê – ook dit sou die ou geeste in die Calvinistiese gange van die Kweek laat sidder om te weet Suster Susannah was by die Katolieke. Maar ja, sy sou so uit die hoogtes vir hulle kyk en sê grrmpf – oe sy is fun… En ek sal haar voorwaar mis oppie “phone” en op die *Subnuus* redaksie waar ek lank saam met haar gedien het. Dis tragies om so iemand as kollega te verloor en haar ervarings en insig sal voorwaar baie deur my gemis word. Maar nou ja Susannah, nou is jy werklik saam met “die Elders”, maar ek hoop nog meer aktief as daai stoute lotjie in die Apokriewe.

Liefdegroete
’n Ou admirer
**Niel Hendriksz**

Na 24½ jaar moet ’n mens groet. Susanne, ons sal jou onthou jou kundigheid, vriendelikheid en behulpsaamheid. Ons het almal baie lekker saam gewerk, gelag en gesels. Jy was altyd bereid om die ekstra myl te loop.

Susanne is ook een wat nooit tevrede was om net op een plek te gaan soek na ’n boek nie. Sy sal dit haarself nooit vergewe as sy nie nog soek en dan weer môre nie. En, as sy dit kry kan jy maar weet sy is een baie tevrede mens. Sy is ook een wat maklik jammer kry. Ja, sy sou liewer self ‘n boek of tydskrif vir iemand gaan afhaal wat bietjie sukkel. Dan sal sy net sê: ”Foeitog, ons raak ook oud en dalk doen iemand dit eendag vir ons”.

Ons het ook ’n spottery oor mense wat “gebalsem” is! Dis nou kliënte wat heeltemal gesond en jonk is en hulself kan help, maar dan kom staan hulle voor jou met hulle “gebalsemde” hande.

Susanne was ’n bron van inligting – nie die soort wat die kliënte van die Teologie Biblioteek nodig het nie – inligting oor Stellenbosch se kleurvolle karakters! Ons het aan haar lippe gehang as sy eers haar stories begin vertel het! Susanne se medemenslikheid en empatie het my telkemale opgeval – wat dit betref is sy ’n voorbeeld vir ons almal.

Susanne, ons gaan jou mis. Alle heil en seën verder!
**Annemarie Eagleton en Beulah Gericke**

## SUSANNE

Dis ’n mens met passie vir ander. ’n Platjie vir pret. Belese EN berese en daarvan getuig al haar foto-albums, staaltjies van al haar toere onderneem en so gaan die lys net aan en aan en aan.

Susanne lyk soms asof sy baie verstrooid kan voorkom, alles behalwe. Praat jy van ’n spesifieke plek of “iets” of iemand dan kan jy jou maar klaarmaak vir ’n storie oor die onderwerp of mense wat sy ken.Jy kan aanhou sit en luister oor die talle boeke wat sy al gelees het, dan hoor jy ook gedurig dat sy nie meer so baie boeke moet koop nie, maar gee haar net ’n halwe kans en daar gaan sy weer.

Enige navraag hier, vra haar en siedaar daar kom die antwoord. Ekself was al meermale tot in my skoene skaam oor sy die goed net so uit haar kop ken, haar antwoord? Haar passie vir die werk, haar jarelange diens hier en ag sommer…

Etes, hmm wat kan ek sê? Verjaar iemand mag jy maar jou wenslysie maak vir etes! Sy maak die heerlikste applecrumble en dan kom roomys ook nog by. Nou moet ons maar na haar huis toe gaan as ons die bederfie wil geniet.

Susanne kon ook enige situasie gebruik om jou te laat kalmeer as daar ’n ongeduldige gebruiker, ’n moeilike oom of ’n dwarstrekkerige tante hier voor jou kom staan en elke greintjie uit jou wil trek. Haar woorde: Water, eend, rug! Dan moet jy maar weet om jou nie te steur aan die betrokke persoon nie en dat die lewe aangaan. Dankie daarvoor Susanne, ek pas dit steeds toe…

Teetye was die beste tyd van elke dag. Sy drink haar rooibostee en die ander koffie en dan begin die geselsies oor alles en nog wat. Sy kan alte lekker bloos (jammer Susanne), ek moet dit eenvoudig noem. As daar oor allerhande goed gepraat word en sy raak effens skaam oor iets dan bloos sy en dit tot groot vermaak van ons ander. Daar word ook altyd vreeslik gelag en dan moet ons onsself so inhou want ons werk tog immers in ’n “geestelike” plek en moet versigtig wees vir wie jou dalk kan hoor lag en wonder waaroor die biblioteektannies dan so lekker lag.

Ai, daar is nog so baie om te skryf oor die fenomenale wese wat ons vir soveel jare by ons kon hê en gelukkig weet ons dat sy ons nooit sal vergeet nie en ons ook nie vir haar nie.

Dankie Susanne, jy is ons HERO!

**TERESA**

PERSONEEL

# Welkom aan Crystal Hendrikse!



Ons het 'n paar vrae aan Crystal Hendrikse, die Senior Direkteur se nuwe persoonlike assistent, gevra:

**Waar is jy gebore?**
Ek is in die Kaap gebore en het in Manenburg gebly. Ons as gesin het daarna na Atlantis verhuis waar ek my skooljare voltooi het.

**Waar het jy skoolgegaan en studeer?**
Ek het by Atlantis Senior Sekondêr studeer en het in 2006 NQF Level 4 in Besigheidsbestuur suksesvol voltooi.

**Vertel ons 'n bietjie van jou vorige werksondervinding.**
In Februarie 2003 het ek in die afdeling Menslike Hulpbronne begin werk as Senior Sekretaresse van die Direkteur en Adjunkdirekteur, daarna het ek in die Registrateursafdeling begin werk in Oktober 2004 as Senior Sekretaresse van die Adjunk-Registrateur: Algemeen. Ek het albei hierdie poste baie geniet en leersaam gevind.

**Wat was die grootste uitdaging in jou lewe tot dusver?**
Hoe antwoord mens hierdie vraag as jy so baie groot uitdagings in die lewe gehad het en dit hou mos nie regtig op nie. Marié, ek sal seker sê dit was om weer te studeer na amper 15 jaar en dit was in 2006 toe ek die NQF Level in Besigheidsbestuur gedoen het. Ek het dit baie geniet om weer te studeer, maar dit was harde werk.

**Jy is baie georganiseerd en energiek. Wat is jou wenresep?**
Hoe antwoord ek nou hierdie vraag? Ek is 'n baie positiewe persoon van geaardheid en hou daarvan om ander te help waar ek kan. As ek nie iets weet nie sal ek moeite doen om uit te vind hoe om dit te doen, ens. Ek is nie 'n buierige persoon nie en laat nie toe dat my persoonlike omstandighede my vriendelike beeld teenoor kliënte negatief beïnvloed nie. Ek is 'n enkel ouer wat baie trots is op myself en ek strewe altyd na beter dinge in die lewe en stel vir myself bereikbare doelwitte.

**Het jy enige spesiale stokperdjies?**
Ja ek het, ek is tans 'n blokfluitonderwyser en rig ook ons Sondagskool kinderkoor af in ons gemeente, sowel as die Sondagskool kinderkoor in die Stellenbosch distrik wat uit 11 gemeentes bestaan.

**Wat is jou passie in die lewe?**
My passie in die lewe is om met kinders te werk en om geleenthede te organiseer.

## Gunstelinge

**Boek**
Ek het nie 'n gunsteling boek op die oomblik nie omdat ek nie veel tyd kry om te lees nie, maar ek is seker noudat ek in die biblioteek werk sal dit verander, ek gaan seker nou baie slim word met al hierdie boeke tot by beskiking.
**Kos**
Ek is baie lief vir braaivleis, en seekos. Hmm
**Drankie**
Amarula asook Savanna Light
**Blom**
Rose en lelies
**Musiek**
So 'n bietjie van alles maar ek is baie lief vir Jazz musiek.
**Vakansie**
Enige plek

## Nuwe personeel by Bronverskaffing



SIDNEY FEBRUARY

Hi Almal
Ek is Sidney February a.k.a "Sindiswa", my "stage name". Ek het grootgeword op Stellenbosch en in die vroeë tagtigs het ons familie na Eersterivier verhuis,waar ek tans nog woonagtig is. Ek is die oudste van vier kinders, '93' gematrikuleer en begin in '94' by die destydse Stellenbosch Streekdienste Raad, afdeling Meltonrose Biblioteek en beëindig my diens in 2003… "a local celeb". Ek het begin by Stad Kaapstad, afdeling Behuising in 2003, waar ek vir 4 jaar gewerk het. "What an experience". Na 13 jaar in die plaaslike regering, roep die Simonsberg my na sy pragtige eikebome, soos die sanger, Anton Goosen sing " my Stellenbosse … roep my … na die Eikelaan" en hier is ek, natuurlik om te bly. En wat 'n voorreg om die "face" van die JS Gericke Biblioteek te wees.

*" I can do everything through Him who gives me strength – Phillippians 4: 13"*

## FB's groet vir Tracy

Tracy… wel daar is gewoonlik so 'n effense stilte as 'n mens haar naam noem, want let's face it, sy is iets specials. There is never a dull momentwaar Tracy teenwoordig is en heng ek sal dit mis - waarom verdwyn al die karakters en net die mediocre-boring-volg-die-reëls-slaafs-wimps bly agter. Tracy en Esté gone to better hunting grounds - geen wonder die wiele val af nie. Om op te som ek sal haar passievolle insette en innoverende idees baie mis - dit gaan nou baie stil hier wees… Damn. Sterkte ook aan die dominees, hulle verdien nie sulke geluk nie - frankly it's wasted on them, maar ek is so bly vir jou Tracy. Our loss is the Kweeks' gain.

Have fun
**Niel Hendriksz**

Gaan vandag 'n 'Goeiemôre kollega' of 'n 'Dag kollega' wees? Die dead give away is hoe hard die hand luggage op die tafel te lande kom. 'n Delikate neerkomslag en vooruitsigte is goed. Indien die afkomslag gepaardgaan met studentekoppe wat benoud opkyk weet jy wat kom…

"Pieter as daai student nog 1 keer vir my bel om te sê dat hy nog nie sy registrasiebrief gekry het nie sal hy wens die afstand tussen my en hom was nog groter. Dink hy ek het tyd om heeldag na sy gesanik te luister of dink hy dat hy my enigste student is? Wragtag, daar lui die foon en ek sweer dis weer hy – so vroeg op 'n flippen Maandag! Vandag gaan ek hom wraggies uitsort…

"JS Gericke Biblioteek dis Tracy wat praat. Goeiemôre meneer. Ja, dit gaan sommer lekker hier in Stellenbosch en waarmee kan ek help? Nog steeds nie die vorm gekry nie? O… ek verstaan… jy het vir my 'n verkeerde e-pos adres gegee. Ag dis geen probleem nie… ek verstaan 100%… dit gebeur met die beste van ons. Ek stuur dit sommer gou weer. Ag, dis 'n groot plesier en kontak my gerus weer indien jy enige probleme het. Totsiens en lekker dag verder."

En dit is Tracy: Sy sê presies wat die res van ons net dink, maar sy is altyd professioneel en sal 'n topdiens aan die kliënt verskaf. Wel, net tot die studentekoppe weer swaai.
**Pieter du Plessis**

Tracy was die jongetjie tussen ons en was altyd op hoogte van nuwe tendense soos modes, giere, pêrels en tegnologie. Baie dankie vir die op hoogte hou, al die interessante gesels en ondersteuning op die onderste vloer. Mis jou laggie hier op die vloer.

**Sarie Wilbers**

# PERSONEEL

## Nuwe studente-assistente by Inligtingsdienspunte

### Mia Cloete



Mia Cloete doen gedurende die dag haar M.Sc Agric in Plantpatologie (die onderwerp is, tot dusver, "Pome Fruit as Alternative Hosts to Grapevine Trunk Pathogens"). Snags trek sy 'n sykous oor haar kop en bekamp misdaad en korrupsie. Ongelukkig het die regering haar misdaadsbekampingsbegroting gesny en gedreig om haar met die polisie te laat saamsmelt. Nou werk sy in die bib om op te maak vir die verlies aan spanningsvolle "skop, skiet en donner" - styl avontuur. Sy is al so lank op Stellenbosch dat sy 4 aparte kere deur 'n akker op die kop getref is. Die gesamentlike skade veroorsaak deur die impak is dalk die rede hoekom sy al so lank hier is. Mia hou van koffie, nie-fiksie en swamme en spandeer gruwelik baie van haar vrye tyd om aan vreemdelinge te verduidelik wat Plantpatologie is.

### Tarryn Warries



I'm Tarryn Warries. I was born and bred in the wonderful Bellville South. You probably thought I'd say Cape Town, yes well, the big town is Cape Town but my home is Bellvile South. Right in the middle of everything, perfect weather not too hot not too cold. As you can see I like a balance. Well more about me, I'm a passionate International Studies student. If you ever need someone to defend you then I'm your girl. I guess that's the reason why I love this job, I rid the student world of stress, one student at a time! I guess you can say it's my duty as a student! That's another characteristic that I own - I love to laugh and have fun. Well that's me all summed up... To a wonderful year forward. CHEERS!

### Gretha van der Merwe



Hallo, my naam is Gretha van der Merwe, ek doen Sielkunde 1,2,3 en Xhosa. Ek kom van Wellington af. Ek is mal oor die natuur, honde (veral Staffies) en die kunste. Dit is die tweede keer dat ek voltyds studeer by die Universiteit van Stellenbosch. Ek het my BRek graad in 2003 by die US voltooi en het daarna Honneurs in BRek deur Unisa gedoen. Na bietjie meer as twee jaar van klerkskap by PriceWaterhouseCoopers in die Paarl het ek besluit dat dit tyd is om te doen wat ek wil in die lewe. Die lewe van 'n ouditeur het net te vaal vir my gelyk in vergelyking met die lewe van 'n sielkundige. Die dat ek nou sielkunde studeer, want dit is my droom om eendag 'n kliniese sielkundige te wees. Die werk in die bib geniet ek baie, omdat ek ongelooflik baie van lees hou en die feit dat die mense wat saam met my werk almal baie vriendelik en hulpvaardig is. Ek wil graag 'n aanhaling wat baie vir my beteken met julle deel:

*The world lies in the hands of those who have the courage to dream and who take the risk of living out their dreams – each according to his or her own talent.* –Paulo Coelho-

### Roxaan Appolis



Hi, my name is Roxaan, but everybody calls me Roxy. I grew up in Cape Town and decided to study in Stellenbosch because I knew nobody here and love a good challenge. Which Stellenbosch definitely was. This is my 5th year at Stellenbosch and I absolutely love being a Matie (or rather, I totally love student life which we Maties do very well). I am doing my honours degree in History this year and intend on completing my law degree next year. I am just not ready to give up student life quite yet.

### Liesl Stander

Bonjour tout le monde, ek is Liesl. Blykbaar ag ek dié naam nie te hoog nie, aangesien ek my Sub A onderwyseres ingelig het dat ek Charlotte is. Sy wou my nie glo nie. Ek is in die 2de jaar van die 3-jaar nagraadse LLB, en het ook 'n BA-graad met Filosofie en



Frans (mais oui) as hoofvakke. Ek teug graag stadig aan 'n glas Oezoe terwyl ek oor dekonstruktiewe eksistensiële humanisme besin en my omgewing inneem. Ek verpes die volgende reaksie: "Filosofie? Ja, ek filosofeer as ek dronk is." Ek wens meer mense oorweeg die potensiële mag, moontlikhede en vryheid van die volgende aangepaste spreuk: I (am) think(ing) therefore I am (dangerous). Sien, blinde groepsmentaliteit asook kultuur- (en ander) diktators ontsenu my. Ek gee my veel eerder oor aan la joie de vivre. Hmm, wat nog? Ek is 'n foodie; mal oor Skotse terriers en ou films; effens disklekseis... en baie bly oor die geleentheid om by die Biblioteek te werk!

Vriendelike groete
Liesl Stander

## Raymond Willemse



Hallo daar. Ek is Raymond Willemse en is tans woonagtig in Stellenbosch. Ek is 'n finale jaar in BA Internasionale Studie. Ek beoog ook om volgende jaar nagraads te swot. Sover was dit nog lekker hier om by die JSG te werk en almal is baie behulpsaam. As studente-assistent leer ek ook baie oor wat als hier in die bib aangaan en help ook studente met vreemde soektogte, maar ek geniet dit. Ek hou van die buitelewe en kyk graag flieks. Ek sien uit na die jaar wat voorlê hier by die bib.



## Sanette Vermeulen

Ek moet sê, dit was 'n vreeslike simpel gevoel toe Marleen so voor my kom staan met die kamera en die flash en al die mense wat by die bib instroom en ek moet sekondes lank glimlag (want sy wil so graag 'n mooi glimlag hê!) voor die glare reg kom op die foto.

Aa, die oomblik van alle oë op my gerig is verby!

Nodeloos om te sê, ek is nie iemand wat floreer in die kalklig nie. Ek kan myself baie beter inspan wanneer ek onafhanklik my verbeelding vrye teuels kan gee en droom oor die beste van die lewe: blomme! kaas! donderstorms! rooiwyn en sjokoldade! sushi! filosofie en Frans! En mojito's drink op die ritme van Kubaanse musiek! En as ek nie droom nie, dan probeer ek die wêreld red... en ek begin in die biblioteek...

## Dominica Le Roux



Hello almal! My naam is Dominica Le Roux, ek is 'n finale-jaar regstudent van die Strand. My lewensfilosofieë is: leef elke dag asof dit jou eerste en laaste is én onthou jou Skepper in die dae van jou jonkheid.

Ek strewe daarna om die mees toeganklike mens te wees wat ek kan wees en daarom is vriendelikheid my motto. As ek geweet het dis so cool om in 'n biblioteek te werk het ek biblioteekkunde gaan swot! Hierdie jaar gaan definitief daartoe bydra dat ek 'n beter prokureur is, aangesien prokureurs se nr.1 vaardigheid people skills is en mens dit van dag een af in spades by die bib leer.

Ek is mal oor grappies en daarom sluit ek een oor die biblioteek in:

Q: What happens when you cross a librarian and a lawyer?
A: You get all the information you want, but you can't understand it.

## Mari Hugo.

Parys. Harmonie. Sielkunde Honneurs. Canticum Novum.




My naam, waar ek op skool was en my ouerhuis is, my huidige tuiste, my huidige kursus en nog iets waarmee ek myself besig hou. Dit is die basiese inligting. Dit is nie veel nie, maar dit sê meer...

Ek kom van 'n pragtige plattelandse Vrystaatse dorp, maar die huis is maar ver. Dus is ek 'n gelukkige koshuisinwoner in die oudste mooiste

## PERSONEEL

dameskoshuis op kampus. Ek het 'n intense belangstelling in mense oor die algemeen, so geniet ek hierdie kliëntediens-werk terdeë. Ek sing in die Stellenbosch studente kerkkoor. Die koor maak die ongelooflikste musiek, soms in samewerking met die Universiteit se Simfonie-orkes, en mens word telkens oorweldig word deur die gedagte dat jy deel is van hierdie hemelse klanke tot eer van God.


Groete
Mari

### Marli Zietsman



Ek is Marli Zietsman. Ek bly al my lewe lank op Stellenbosch! Wat 'n voorreg! Ek swot Bedryfsielkunde en ek het verlede jaar my BA Taal en Kultuur voltooi. Ek's 'n groot fan van alles wat Duits is. Ek is 'n BTKaner (Berg en Toer Klub) in hart en siel en mens sal maar sukkel om my weg te hou by 'n sokkie. Ek glo dat glimlagte en drukkies die wêreld 'n beter plek kan maak. Ek is opgewonde oor my tyd in die bib. Ek het al so baie geleer en ek weet daar is nog so baie om te leer!

### William Koopman



Hallo everybody... My name is William Koopman. I am a fully fledged Captownian, born and raised. I now however find myself living in the most beautiful town in South Africa and most of the world, Stellenbosch. I am studying History Honours and hope to someday become a historian who can serve the common history of our diverse country, and town. I love the outdoors, the beach, traveling abroad, sport, socializing, spending time with family and of course reading. Right now, I am learning to play the piano as music is one of my greatest passions and hopefully talents too. I enjoy politics quite a bit, yet I'm so glad the library seems to have none of it, at least among the IDPs. So if you see me my fellow colleague, please invite me for a cup of tea and lets get to know one another a little bit better. Ta ta

---

Dora Scott, Jessica Moll en Hanlie Myburgh wat laas jaar hier begin werk het, sal steeds te siene wees agter die IDP lessenaars:



**Dora Scott**



**Jessica Moll**



**Hanlie Myburgh**

## Nuwe studente-assistente by Bronverskaffing



Ek is **Eduard George Campbell** en ek is gebore in Phalaborwa, Limpopo, 21 April 1982. Ek is die jongste van drie kinders - twee ouer sussies en ek. Ek het in Phalaborwa skoolgegaan tot op die ouderdom van 16 en het toe my laaste twee skooljare by Crawford College Pretoria voltooi in die jaar 2000. Ek het aanvanklik by die Universiteit van Pretoria BCom Informatika geswot, maar het na drie jaar van frustrasie in die werkende wêreld (ek het nooit by 'n biblioteek gewerk nie!) besluit om liewer my groot droom te volg en myself behoorlik toe te rus as professionele musikant of musiekvervaardiger. Ek het dus verlede jaar, op die ouderdom van 25, besluit om weer voor die boeke in te skuif en ingeskryf as musiekstudent by die Universiteit van Stellenbosch. Ek het sedertdien nog nooit teruggekyk nie. Ek speel klavesimbel (daardie klein klaviertjie met die swart wit note en die wit swart note) en hobo. Ek hoop om te spesialiseer in Musiek Tegnologie en om my nagraadse studies óf daarin, óf in Engels te doen. Ek is nog altyd mal oor die rustigheid van 'n biblioteek en die amper tasbare atmosfeer van die potensiële grootheid wat spruit uit diegene wat dié fasiliteit reg benut.

---



Hallo! Ek is **Charles Hopkins**. Ek hou van rotsklim, goeie rooiwyn, my meisie, en lang sonsondergange. Ek werk tans hard aan 'n LLB. Ek het in Somerset-Wes grootgeword, maar sedert my ouers drie jaar terug Clanwilliam toe verhuis het sien ek myself as 'n Clanwilliamer deur en deur. Warmste plek in Afrika: 14 Januarie 2008. Ek het die datum opgemaak, maar dit was baie warm. Maar daar is baie (baie) goeie rotsklim net om die draai. En twee groot damme vir lang sonsondergange. My meisie bring altyd rooiwyn. Verder sien ek uit na 'n lekker jaar van boeke regpak en kaarte skiet agter die uitleentoonbank. Laat dit juig!

---



Hallo, ek is **Jonelle Jacobs**, 20 jaar oud en tans 'n derde jaar BComm Bestuursrekeningkunde student. Ek is van Macassar en was op skool by Hottentots-Holland Hoërskool. Ek hou daarvan om mense te help en het daarom besluit om hierdie jaar aansoek te doen vir 'n studente-assisstentskap. Verder hou ek van fliek, uitgaan en om tyd met vriende te bestee, maar ek dink dit gaan hierdie jaar bietjie afgeskeep word, omdat ek hierdie jaar wil graad vang!

---



My name is **Antoinette Schoeman** and I am currently studying English Honours. I was born in Randfontein and grew up in Johannesburg. I now consider myself a true Capetonian, having moved here when I was 14. Before studying at Stellenbosch I received a diploma in food preparation and culinary arts, and worked in a number of different kitchens. I enjoyed the cooking part but not the managing part, which is why I changed my direction in life towards my second great love: languages and books. My hobbies include reading, writing, swimming, cooking and music (I am currently learning to play the bass guitar and have played piano in my younger days). I also have a passion for ancient history – I toured Turkey and Greece with the Ancient Studies department of Stellenbosch University in 2004 and would love to return. I plan to do my Masters in English next year, and after that I am

# PERSONEEL

hoping to travel all over the world and to experience as many different cultures as I can.

---



Goeie dag almal! My naam is **Pieter Botes**, 'n Karoo seun van hart gebore in die pragtige dorp van Oudtshoorn, waar volstruise skrop en grotte bekoor. Tans is ek besig met my Meestersgraad in Teaterwetenskap, 'n tesis wat poog om die wêrelde van sielkunde en drama bymekaar te bring. Dit is 'n voorreg om in die natuurskoon van Stellenbosch te studeer en die wonderlike mense van die dorp te beleef. My groot liefdes in die lewe is sport, musiek, die see en natuurlik 'n lekker kuier saam met vriende. Mag 2008 'n voorspoedige jaar vir almal wees!

---



Hello! My naam is **Izelle Coetzee** en ek is 'n vierdejaars regsstudent. Ek het groot geword in Stellenbosch, maar ook darem bietjie maniere gaan leer in die koshuis. Ek geniet my kursus, is dol oor my vriende en mik altyd hoog. Die werk in die biblioteek pas my 100% siende dat ek nie aan iets lekkerder kan dink as om heeldag omring te wees deur boeke nie. Alhoewel ek dit baie meer sou geniet het as ek die gelukkige een was om die 'fugitive' te vang...

---



My naam is **Manitza van der Schyff** en hierdie is die tweede jaar wat ek agter die uitleentoonbank werk. Ek studeer nog steeds teologie (dis 'n lang kursus) en beoog om moontlik nagraadse studie in bio-etiek of homilitiek te volg, as die ses jaar nie my lus vir verder swot blus nie. Ek geniet die biblioteek-werk omdat ek mal is oor lees – dis wonderlik om tussen soveel boeke te werk. En ek geniet dit om vir sommige studente te lag, soos diegene wat "so 'n rooi boek met miere op" kom soek of kom vra in watter seminaarkamer Marie nou is... Sedert die laaste uitgawe van die *Subnuus* het ek ook verloof geraak, hoewel die troue nog ver in die toekoms lê.

---



Hallo, my naam is **Ilse Petersen**. Ek swot Voedselwetenskap en ek gaan die wêreld se honger magies vol maak as ek groot is. Ek is 'n baie stil, teruggetrokke mensie... Hou van by die huis kuier met vriende en familie. Ek hou van kos en ek kook en bak graag! Swem is my gunsteling oefening. Ek sien myself as selfstandig, omdat ek 'n laatlammetjie is en ek moet baie dinge self doen en alleen besluite neem. Soos enige ander student is ek lui vir swot!

*Alhoewel ek dit baie meer sou geniet het as ek die gelukkige een was om die 'fugitive' te vang...*

# DIE FAKULTEITSBIBLIOTEKARISSE SE TEAMBUILDING UITSTAPPIE

Wel hier was dit alweer: die jaarlikse VB (maar nou herdoop FB) uitdunningsveldtog alias spanbou uitstappie. Dis nou nie meer vakbibliotekaris nie want al die Engelsspekendes het onverklaarbaar aan die lag gegaan as ons sê ons is vakbibliotekarisse. Maar hulle lag nog steeds - seker omdat ons so vreeslik besig is dat ons nou Fokoltydsbibliotekarisse is. Oh well, vanjaar sou ons groot hoogtes bereik maar danksy verskeie rolspelers het ons toer 'n "mystery tour" geword.

Die "reëlingskomitee" nl. Marleen het besluit dat aangesien ons almal onverklaarbaar die Matroosberg oorleef het, sy ons weer teen 'n berg sal uitstuur maar die keer seker te maak deur ons aan 'n enkele dun draadjie op te stuur. So word ek as proefkonyn saamgesleep vir die dress rehearsel Tafelberg op. Dis 'n mooi, baie warm dag en die motors staan vir kilos opgehoop en ons tref reëlings vir die volgende week. Ons moet ook 'n eetplek soek en so land ons in Bo-Langstraat in 'n pub waar die biere great is maar die kos heelwat te wense oorgelaat het - geoordeel aan die inhoud van die stew het die kok dandruff.

Steeds, ons gaan voort en besluit ons sal bo oppie berg eet. OK ons bid almal die aand voorrietyd vir krag vir ESKOM en vertrek douvoordag uit die Helderbergkom na die Metropolis. ESKOM was OK maar ons het vergeet van die kombersie bo-op die berg. Ons ry na die kabelstasie en ons is die enigste 2 motors daar vir kilos. "Mountain is close" is al wat on uit die antie agter die glas kan kry - "When will mountain be open?"... "Don't knoo".

Nou wat nou? Soos tipiese FB's/VB's koek ons almal saam en elkeen het sy eie idee - dit raak al hoe vuriger en toeriste begin naderstaan - een aanvallige toerleier (man) target vir Delene wat opgedress is vir serious rock climbing en vra haar wanneer gaan die wind ophou. Soos gewoonlik huiwer sy nie en sê: "Stiptelik 10 oor 12" (sy het nie gesê op watter dag nie). Die vurige diskussie het intussen voortgegaan en ons uitdunning van personeel begin net te lyk asof dit net daar in die "Car park" gaan plaasvind toe ek besluit my waterpille geniet nou voorkeur oor die gesprekke wat in sirkels draai. Die toilette is nogal mooi maar die kraanontwerp het my onder gekry... nadat ek vir 10 minute met my vinger in 'n kraan soos 'n wafferse Hollander wat die dyke probeer stop gestaan het, gee ek moed op en laat die vloed maar oor aan homself. Intussen het die kollegas met die



hulp van die Metropolisie besluit dat ons sal betaal om bome te gaan kyk. My f... ek kon dit in my agtertuin ook gedoen het. Maar nou ja, Kirstenbosch hier kom ons - die enigste excitement is dat ons dalk gemug kan word maar nie een van ons lot lyk juis na joggers nie. Ons probeer as senior burgers afslag by die hek kry, maar Tracy en Pieter spoil die party. Ons kyk na een of 2 bome en besluit "ho hum..." volg die Restaurant bordjies en gaan eet. Ons is almal heel bedrewe daarmee. Ons bestel en ESKOM kalf - die Restaurant het EEN primusstofie en die kos kom een vir een oor die volgende uur. In die donkerte van die kombuis kon die kok nie sien dat Joanne se burger se patty nog in sy plastieksakkie toegevou was nie. Joanne, soos ons haar ken, het stil gedwee vasgebyt en deurgedruk en eindelik toe sy haar bord heeltemal ge"polish" het en die laaste bietjie gravy van die plastiek afgelek het, het sy die bestuurder van die eksidentjie verwittig. Oh well, dit was die highlight van die trippie om die antie se gesig te sien. So het ons toe na nog 'n boom of 2 gekyk op pad na die volgende restaurant waar ons weer eens ons spanbousessie op die proef gestel het oor wat ons sou doen - eet ons binne of buite of drink ons net 'n koeldrankie? Ons besluit op 'n ligte versnaperinkie maar nou is daar 2 faksies wat nie om dieselfde tafel sit nie - een lot wil gaan fliek en die res nie. What fun! Sommige keer onverwyld terug, sommige gaan fliek en sommige kuier verder by SPIER - guess in watter gjoepie wash ek...

Dit was warm, winderig, boomryk, verkwiklik en almal het dit weer oorleef en hieriekeer sonder stres.

Niel Hendriksz

# THE FUGITIVE

Dit was Donderdagoggend 21 Februarie. Alles het REDELIK normaal begin. Wat op aarde gaan aan? Waarom sluip Madél so, arms gevou? Sy loer met valkoë na die kliënte! Dan kom staan sy by my in die Uitleenafdeling se kantoor. Nee, sê sy, sy soek die Fugitive. Dié is blykbaar in die bib. Dit is nou volgens Denise se ma se foonoproep. En daar is Madél weer weg om verder na die Fugitive te gaan soek. Min wetende sy het reeds verby die object of desire gestap en nie geweet wat sy sien nie!

In daardie stadium was alles nog redelik normaal. Maar nie vir lank nie! Binne minute is al die Bronverskaffingpersoneel, sowel as die studente in die rondte, almal op hol. Almal wil die Fugitive vang. Nie dat enigeen hom/haar wil hê nie, maar o, die R20 000!


Die studente peper ons met vrae: Hoeveel bibs is daar in Stellenbosch? Het ons vreemde karakters hier rond gesien? Ma's bel hulle om te sê die fugitive is in ons midde.

Nou is dit 9 uur. David begin werk. Hy is baie puzzled. Hy het lekker agteroor in die Neelsie gesit en big screen kyk en koffie drink. Heeltemal onskuldig, toe 2 studente op hom afpyl en vir hom met groot oë vra: ARE YOU THE FUGITIVE? David het nie 'n cookin clue wat aangaan nie. Hy luister nie KFM nie. Maar hy is baie vinnig deur ons ingelig waaroor dit alles gaan. Daar ruik David geld en toe is daar geen stop aan hom nie.

PROBLEEM! Is die fugitive al hier, of kom hy nog, of is hy (droewe dag!) al weg? Die foon lui. Heidi antwoord. Navraag: hoe kom ek by die bib. Wat het ek nodig om in te kom, wil net besoek nie boeke uitneem. Dit klink mos baie verdag. Nou WEET ons: Die Fugitive is nog op pad. Nog navrae van studente. Hulle wonder of die Fugitive al hier is. Maar ons weet meer as hulle! Die Fugitive kom nog! Ons kyk ook op KFM se webwerf. Daar is allerhande clues, o.a. iets van 'n tweeling en ebony en ivory. Kan niks wys word uit die clues nie.

Al die Bronverskaffingoë bly op die voordeur. David & Sidney is reg om bo-oor die toonbank te spring as 'n verdagte karakter verskyn. Daar is egter 'n probleem want Jeffrey sit ook reg vir die R20 000.

Niël roep my vir 'n vergadering. Ek waarsku hom om vinnig te maak ek wag vir die Fugitive. Teetyd en die Fugitive is nog nie hier nie Niemand is lus om die afdeling te verlaat en die Fugitive te mis nie. Tyd vir 'n spanpoging! Die geld word verdeel tussen die paar van ons en ons maak beurte oor teetyd om die voordeur dop te hou. EN: Laurinda & Lizel is nie hier nie: meer geld vir ons!




Teetyd is verby, ons is almal terug by die afdeling. Nog geen teken van die Fugitive. Ek en David sien 'n verdagte. Beide van ons skiet na die voorste hoek van die toonbank. Dit kan beslis die Fugitive wees. Hy het 'n sak en hy krap daarin. Wragtig, hy soek beslis 'n bestuurslisensie om in te kom. Ek en David hou hom mooi dop. Ag Nee! Hy haal 'n studentekaart uit. Beslis nie hy nie...

David gaan kyk by Jeffrey watter besoekers het al ingeteken en hoor toe die verskriklike nuus. Die Fugitive is al ONTMASKER! Deur 'n student by die drukkers op die onderste vloer! En toe die ergste: Dit was 2 vroue (tweeling) in swart pakkies, een met wit & swart top (ebony & ivory) net soos die clues op die webwerf gesê het!

En daar gaan die R20 000...

NOU onthou Heidi: Sy het die dames gesien toe hulle die oggend die bib ingekom het, geklee in swart net soos sy! Daar is nog grappies gemaak dat sy, Heidi, hulle kan join vir 'n vergadering... Min wetende!

Ons almal voel of ons elkeen R20 000 verloor het!

**Reinet Faasen**

# 'n Leeftyd in die diens van boeke



Steven Fredericks het oor 35 jaar as mens en bibliotekaris saam met die Gesondheidswetenskappe Biblioteek op die Tygerberg-kampus gegroei.

Enige dosent of student wat oor die afgelope 35 jaar iewers langs die pad 'n boek of artikel in die US se Gesondheidswetenskappebiblioteek loop soek het, het waarskynlik 'n geheuehokkie waarin Steven Fredericks stewig staangemaak is.

Dié groot, vriendelike man se verbintenis met die biblioteek is op sigself 'n blokkie in die groter legkaart van Fakulteitsgeskiedenis. Dit strek terug tot 14 Februarie 1972 toe hy as 'biblioteekhulp' by die Fakulteitsbiblioteek op die destydse Karl Bremerkampus aangemeld het - en só die eerste spore in die biblioteekwese getrap het waarin twee van sy kinders later sou volg.


Steven vertel dat hy by die Chryslerfabriek werksaam was voor hy die pos by die nuwe bibliotekie by Karl Bremerhospitaal aanvaar het. In dié dae het hy net 'n st 8-sertifikaat gehad, maar hy is so geïnspireer en gemotiveer deur die studente wat in die biblioteek kom studeer het, dat hy besluit het om self ook skouer aan die wiel te sit en matriek te skryf. So het dit gekom dat Steven hom in 1985 by die Sukseskollege ingeskryf het - en twee jaar later sy matriek behaal het. Hy was op daardie stadium reeds die pa van 'n gesin.

Sy sukses op matriekvlak het Steven aangespoor om sy akademiese visier hoër te stel en met die aanmoediging van die destydse hoof van die biblioteek, Matthew Syphus, het hy by Universiteit Wes-Kaapland geregistreer vir die laer diploma in Biblioteekkunde.

Steven het die kursus deeltyds aangepak en hy moes aand na aand - na 'n volle dag se werk - na UWK ry om lesings by te woon. Hy het nietemin sy studies so goed bemeester dat een van sy dosente, prof Isabel Cilliers, hom aangeraai het om sy kursus te verleng en vir die vierjaar Bbibl.-graad in te skryf.

Hy vertel dat sy hoofde in dié tyd baie ondersteunend en tegemoetkomend was. In sy finale jaar moes hy byvoorbeeld in die dag klas bywoon en in die aande gaan werk. Hy het egter vasgebyt en in 1994 het hy, op die ouderdom van 47, sy graad behaal. Hy is deur die jare bevorder van biblioteekhulp tot senior bode; van hoofbode tot hoofassisstent en van junior bibliotekaris tot bibliotekaris. Vandag is hy senior bibliotekaris en adjunkhoof van die biblioteek.

Deur dit alles heen het die biblioteekgogga ook



twee van sy kinders gebyt. Sy dogter, Lydia Meyer, het haar graad in Biblioteekkunde aan die Universiteit van Stellenbosch voltooi en is tans werksaam by die US se Bestuurskool. In Januarie 2004 is sy jongste seun, Julian Fredericks, aangestel as biblioteekassistent in die Gesondheidswetenskappe Biblioteek, wat in 1973 na die nuwe Tygerbergkampus verskuif het.

Steven vertel dat die akademiese pad wat hy vir homself in die biblioteekwese oopgekap het, nie altyd sonder probleme en struikelblokke was nie, maar dat hy kon volhard met die aanmoediging van sy familie en kollegas. Boonop het hy nog altyd geglo dat 'n mens dit wat jy aanpak, moet voltooi en hy het uit die staanspoor groot vreugde geput uit die werk wat hy doen. "Ek hou daarvan om soggens op te staan en werk toe te gaan," vertel hy. "Ek hou van my werksomgewing en ek hou van die studente."

Die veranderings wat oor die jare op die kampus en in die biblioteekwese plaasgevind het was ook vir hom interessant en stimulerend - veral met die koms van die elektroniese revolusie en die rekenarisering van die biblioteek. Die transformasie van die student van gister tot vandag bly steeds vir hom fassinerend. "Die studente wat ons vandag in die biblioteek sien, is gemakliker en minder formeel as destyds toe ek begin het en die gemak waarmee hulle met die nuwe elektroniese hulpbronne omgaan is steeds vir my 'n bron van verwondering."

Steven sê hy hoop om tot op die ouderdom van 65 aan te bly in die biblioteek wat 35 jaar gelede vir hom 'n tweede tuiste geword het. "As 'n mens graag lees, soos ek, en jy is 'n rustige mens, dan pas jy in 'n biblioteekomgewing."

Gepubliseer in: *Tygerland*, 2007. p.42

PROFESSIONEEL

# MY (LAASTE?) TREK NA 1007



My werkslewe is om een of ander rede gekenmerk deur trekke.

So moes ek by my eerste werkgewer minder as 'n jaar nadat ek begin werk het, oppak en die pragtige Edwardiaanse gebou waarin die biblioteek gevestig was, verlaat om na 'n kelderverdieping in 'n splintenuwe gebou op 'n splinternuwe, kaal, windverwaaide kampus aan die verste puntjie van die Port Elizabeth-kus te trek.

*"… ek kry dan soms die gevoel dat daar 'n spook loop – maar dis 'n vriendelike spook"*

Bietjie meer as 'n jaar na my terugkeer na Stellenbosch trek ek weer – weer eens van 'n pragtige ou gebou na 'n splinternuwe biblioteek in die nuwe Konservatorium. Daar sit ek rustig vir meer as twee dekades in my kantoortjie aan die westekant van die biblioteek, maar toe besluit ons om die kantoor te vergroot om 'n vergaderarea in te sluit en ek trek half uit, half in, terwyl bouers en verwers om my kop hamer en karring.

Skaars is ek gewoond aan die heerlik baie spasie en gerief, toe die aanbod om by die bestuurspan van die Biblioteek- en Inligtingsdiens aan te sluit, kom en daar trek ek toe weer – maar dié keer tydelik, want eintlik was daar geen heenkome in die JS Gericke Biblioteek vir my nie. Ek rig my gevolglik in eensame ballingskap in die yskoue, afgesonderde seminaarkamer langs die Ouditorium in. Gelukkig kom die fakulteitsbibliotekarisse van die onderste vlak darem van tyd tot tyd in Siberië kuier en ek hou vir 'n paar maande uit totdat my nuwe kantoor langs die glasdeur by die bestuursarea soos 'n plakkershut in die loop van enkele dae verrys. En toe trek ek weer, menende dis nou waarskynlik vir laas.

Nee, toe nie. Weens die krimpende seniorbestuurspan en die risiko wat die oop glasdeur by die bestuursarea inhou, word daar vroeg in 2008 besluit dat ek na die anderkant van die glasgordyn sal skuif sodat al die bestuurslede uitein-delik weer almal in die oorspronklike bestuursarea sal resideer.

En dis hoe ek onlangs in 1007 beland het. Enkele dae voor my trek hierheen stuur ek die volgende e-pos aan die vorige (en enigste ander) inwoner van die kantoor: "Ek trek Maandag in jou ou kantoor in! Sorry man …!" en ek kry die volgende antwoord terug: "Ek dink nie jy moet laat in die aand in kantoor 1007 werk nie, want my spook mag dalk daar rondloop. Tot op hede was dit immers nog net ek wat in die kantoor gesit het. Ek het seker ongeveer 5000 werksdae daar deurgebring."

Heel toevallig werk ek sedert ek hier ingetrek het dikwels saans tot lank na donker in my nuwe kantoor en ja, ek kry dan soms die gevoel dat daar 'n spook loop – maar dis 'n vriendelike spook en ek dink hy wil eintlik net na my omsien terwyl ek alleen hier sit en werk.

Hierdie keer hoop ek dis vir laas en dat my volgende trek sal wees as ek aftree en ek (soos in die Amerikaanse flieks gebeur) met net een kartondoos hier sal uitstap.

ELDA NOLTE

# Misdaad in 'n bib!

Carine Tymbios



Die opskrif lees "Transy Book Heist" in *Vanity Fair* van Desember 2007. Een van die FBI se grootste misdade in geldwaarde, ongeveer $5 miljoen, is gepleeg deur 4 kollege outjies in hul vroeë twintigs, uit gegoede huisgesinne in Kentucky. Die prooi? Die biblioteek van Transylvania se Spesiale Versamelings. En glo dit as jy wil of nie... die hele kabaal is ontketen deur 'n niksvermoedende opmerking van 'n baie entoesiastiese bibiotekaris tydens 'n nuwelinge rondleiding. Sy was so gretig om te spog met die biblioteek van Transylvania Univ se kosbare manuskripte en "rare" boeke! Sy het vertel dat hulle 'n stel *Birds of America* deur John James Audubon het, 'n 4 volume stel van lewensgrootte gravure wat die pionier in 1838 in London voltooi het. Daarby het sy opgemerk dat 'n soortgelyke stel die vorige jaar vir $25 miljoen verkoop is... Dit het Spencer Reinhard, 'n kunsstudent, onmiddellik laat regopsit en sy kop het begin werk. Saam met sy makkers het hulle in die volgende paar weke die biblioteek begin dophou: sekuriteit (of die afwesigheid daarvan) is uitgepluis, personeel se bewegings geskeduleer, 'n gedetailleerde plan van die Spesiale & Beskermde Versameling is geskets en opname is gemaak van watter skatte daarbinne "beskikbaar" is.

Intussen is daar hard begin werk aan die potensiële verkoop van die buit en kontakte in die onderwêreld is gebruik om 'n sindikaat in Amsterdam op te spoor wat baie gewillig en geïnteresseerd was. Maar hulle het 'n erkende afslaerswaardasie van die items vereis. Christie's in New York sou perfek werk en die outjies het besluit om eenvoudig daar in te loop en te vra vir die waardasie, aangesien Christie's NOOIT sou droom dat iemand so iets sou doen indien die ware gesteel was nie! Die waardasie afspraak is gemaak en voila... Gutzpa dryf die projek verder... Die problem van hoe om die swaar items uit die bib te kry is ook opgelos deur 2 sterk makkers in te sleep in die crazy plan. Die outjies het self nog steeds geglo dat hulle "weed induced" plan iewers sal doodloop agv die logistieke probleme in die uitvoerbaarheid van die plan... maar nee... al hulle oplossings is maklik gevind en so du die plan voort. Hulle misdaadkennis was sterk geskoei op 'n goeie dosis misdaadflieks en boeke en vir inspirasie is "Ocean's 11", "Reservoir Dogs" en "Snatch" gekyk. Ironies genoeg het die hele plan amper skipbreuk gely omdat hulle nie 'n kar tot hulle beskikking gehad het nie en die roof word 'n dag uitgestel.

Op 17 Desember 2004 maak 'n niksvermoede bibliotekaris in die Spesiale Versamelings van Transylvania universiteit in Lexington, Kentucky gereed vir 'n afspraak met ene Walter Beckman wat hulle kosbare eerste uitgawe van Darwin se "Origin of Species" en die 4 dubbelgrootte folios van John James Audubon se "Birds of America" onder andere wou besigtig. Twee jong mans daag op en nadat hulle die deur van die Beskermde Boekafdeling agter hulle toegemaak het, verdoof hulle vir BJ (die biblioteakris) met 'n Black Cobra stun pen en bind haar vas. Die kosbare buit is op 'n laken uitgesit en die res sommer in rugsakke geprop. Die buit was baie swaarder as wat hulle verwag het en is getrek-sleep na die "slegs vir personeel" hysbak, maar hulle kon nie die uitgang in die kelder vind nie.

So ry hulle met die hysbak weer boontoe en op grondvloer word hulle opgemerk deur ander biblioteekpersoneel, wat onraad vermoed en intussen die vasgebinde BJ gevind het. Intussen spook die 3 outjies met die swaar vrag op 'n sytrap op soek na 'n doenbare uitgang, die boeke begin uitval en 'n bibliotekaris verskyn in oog. Alles word neergegooi en die outjies laat spaander by die deur uit, met die woedende bibliotekaris sterk op hul hakke. Die wegkomkar is daar en die ouens spring in en trek met skreeuende bande weg Verligting, hulle het weggekom maar het die kosbare buit verloor. Wat hulle nie besef nie is dat in hul rugsakke skrikwekkende kosbare items is: 'n eerste uitgawe van Charles Darwin se *Origin of Species by Means of Natural Selection* ($25,000); 'n 1425 geïlumineerde manuskrip ($200,000), 'n 2 volume stel 15de eeuse Hortologie meesterstuk, *Hortus Sanitas* ($450,000), 20 oorspronklike Audubon pensketse ($50,000) en sy *A Synopsis of the Birds of North America* ($10,000). 'n Onopsigtelike tweede wegkomkar daag op en voor jy weet wat is die outjies tuis en sien op televisie die polisie se onvermoë om hond haar-af te maak van die roof.

Die volgende dag vertrek hulle vir 'n ski trippie na West Virginia (volgens hul ouers), maar in werklikheid is hul oppad na Christie's vir die waardasieafspraak. Na 'n 30 minute onderhoud en inspeksie van die goedere by Christie's is die 2 jongmanne daar uit, maar geen verdere respons het van Christie's gekom nie. Intussen het die FBI en die polisie dag en nag gewerk en uiteindelik via Yahoo afgekom op die walter.beckman@yahoo.com adres waar al die verdoemende getuienis gevind is. Christie's se sekuriteits-kameras het verdere bewyse gehad,

PROFESSIONEEL

# Misdaad in 'n bib ! (verv)

nl. die waardasieafspraak wat verfilm is en op 11 Feb 2005 word die 'boewe' vasgetrek. Al 4 kollege studente kry 7 jaar tronkstraf as gevolg van die stunpen en die geweld teen die bibliotekaris. Indien hulle prokureurs die wapenklag kan verander kan hulle vonnis tot so min as 17 maande verminder word.

Intussen is die 4 twintigjariges net so cocky soos vantevore en besig om hard te werk aan die film regte vir hul storie. 'n Federale regter het reeds bepaal dat hulle wel die reg het om hulle storie te verkoop en die profyt daaruit te behou. Die jongmanne is wel spyt dat hulle die bibliotekaris beseer het, maar vir die res... Wel, hulle het die roof beplan en uitgevoer as enigste uitweg om uit hul troostelose middelklas bestaan te ontsnap ("this nickel and dime existence"). Vol bravado verklaar hulle nou dat hulle ewig verander is. Binne 'n paar jaar is hulle op vrye voet, steeds jonk en boonop dan slimmer en sterker. "Believe me, you haven't heard the last of us yet".

## Boekdief

Die JS Gericke self het al 'n keer deurgeloop onder "georganiseerde boekdiefstal". In 2006 was daar 'n berugte professionele "boekdief" in die Wes-Kaap aktief. Hy het Africana boeke geteiken, veral boeke oor Suid-Afrikaanse kuns. Hy het nogal sy storie geken om alle spore van eienaarskap uit die boeke te verwyder.

Gelukkig het nuus van sy streke vinnig versprei deur die netwerk van wakker bibliotekarisse en het ons gereeld waarskuwingsboodskappe met die onderwerp "BOOK THIEF UPDATE" gekry om ons op ons tone te hou. Die dief is uiteindelik gevang nadat hy vir die soveelste keer van sy gesteelde boeke aan 'n antikwariese boekhandelaar probeer verkoop het.

Gelukkig vir ons kon hy net een boek uit Africana vaslê, nl. 'n 1988 publikasie oor die kunstenaar Gerard Sekoto deur Barbara Lindop, wat ons darem weer intussen kon vervang.

Mimi Seyffert



# Die suksesverhaal van Nuwelingoriëntering 2008

’n Nuwelingoriënteringsprogram is ouder gewoonte vroeg vanjaar by die JS Gericke Biblioteek aangebied. En soos nou al tradisioneel geword het, in die vorm van rondleidingstoere deur die Biblioteek. Elke student wat hier opdaag, word getrakteer op ’n toer deur die Biblioteek, aangebied deur ’n biblioteektannie of –oom, waartydens die belangrike, baie belangrike en uiters belangrike inligting omtrent die biblioteek vir hulle uitgewys word.

Let wel, wat tot dusver eenvoudig klink, is in werklikheid ’n enorme poging wat baie beplanning verg. Want, letterlik honderde moeë, warm en verdwaasde nuwe studentjies verskyn vir drie opeenvolgende dae in ’n onophoudelike stroom by die biblioteekingang en moet dan *biblioteek-wys* gemaak word.

Van baie jare se oefening raak ons egter nou al gekonfyt met die rondleidings en al wat ons nou te doen staan, is om dit interessanter te maak om meer studente te lok om dit by te woon.

Die tema wat die deurslag gekry het om vanjaar se program op te kikker is Bib=leka (sms taal) en vandaar ook die idee om stokkielekkers uit te deel. Om ’n verdere hupstoot te gee, is daar ’n kompetisie aangebied waarin deelnemers onder andere ’n digitale kamera kon wen.

Alhoewel dit moeilik was om met die groot kanonne soos ABSA mee te ding vir studente se aandag, is daar ’n stalletjie op die Rooiplein aangebied om die kompetisie te bemark en om stokkielekkers uit te deel. Ongeveer 500 studente is op dié wyse genader.

Die kompetisie het groot afgetrek gekry. Die aanvanklike idee was om hier en daar foto's te neem van studente wat die oriëntering bywoon; lukraak ’n student op die foto’s te omkring en dit op die tuisblad te plaas. Die student wat omkring was, sou dan in aanmerking kom vir ’n prys. Die foto's was egter so gewild dat daar uiteindelik van al die groepe foto's geneem is en al die foto's is op die tuisblad beskikbaar gemaak. Die bonus van die foto-kompetisie was natuurlik dat baie studente baie vinnig met die tuisblad kennis gemaak het. Die digitale kamera is uiteindelik deur Sherri Adams, ’n B.Mus student gewen. Bygesê, aangesien sy ook die enigste kandidaat was wat vir die prystrekking opgedaag het…

In die geheel gesien, word vanjaar se Nuwelingoriënterings-program as ’n groot sukses beskou. Die Fakulteit Bestuurswetenskappe het vanjaar vir die eerste keer deelgeneem aan die program en alhoewel hulle ons behoorlik laat bontstaan het, was dit ’n groot deurbraak om dié fakulteit ook "op die wa" te kry!




**Elda Nolte en Sherri Adams tydens die oorhandiging van die prys**

1977 Studente het die rondleidings bygewoon, teenoor 964 studente in 2007. Die bywoningsyfer, in verhouding met die aantal geregistreerde studente, was vanjaar 57% teenoor 47% in 2007. Die Fakulteit Regsgeleerdheid het die hoogste bywoningsyfer gehad met 100%. Ekonomiese & Bestuurswetenskappe die tweede hoogste met 69%.

Soos ek reeds gesê het, die reëlings en werk verbonde aan die verwelkomingsprogram is enorm. Dus, baie dankie aan elkeen wat bydra daartoe en help om die nuwe studente se eerste kennismaking met die Biblioteek ’n positiewe een te maak!

Lucia Schoombee

PROFESSIONEEL

# Nuwelingoriëntering 2008 (verv.)



Omdat my stem nie so goed dra nie en omdat ek nou eenmaal nie 'n onderwyser is nie, was dit 'n taamlike vuurdoop om groepe van tussen 25 en 30 rond te lei. Ek besluit toe om vir my laaste rondte "Rescue" druppels te drink sodat ek nie weer 'n angsaanval sou kry nie! Ironies genoeg daag daar toe net **een** student vir my rondleiding op – en haar het hulle toe vinnig by 'n ander groep ingedeel. "Rescue" druppels verniet gedrink.

Lynne Fourie



Ek sal maar die "1 sin " doen. Ek het een groot en een klein groep gehad en ek dink 'n mens bereik nie lekker almal (agterstes) in 'n groot groep nie.

Groete
Emsie

Drie opmerkings van die studente het vir Marie de Goede uitgestaan na die Nuwelingoriëntering:

1. Tannie, hoe WEET julle dat daardie klein boekie die Onse Vader in 9 tale bevat? Wie het dit gelees?

2. Toe ek die kleedkamers uitwys en sê dit is vir as hulle skielik moet hardloop, het die helfte van 'n groep meisies onmiddellik gesê "Tannie, ons moet NOU skielik hardloop" en daar trek die hele klomp reguit kleedkamers toe!

3. Dankie dat Tannie so vriendelik met ons was. NIEMAND anders is vriendelik nie.

Groete
Marie de Goede



Aangesien dit my vuurdoop met die eerstejaarstudentjies was, was ek aanvanklik skrikkerig, net om te sien hoe verward hulle self daar uitsien. Die reaksies was uiteenlopend: van hoogs verveelde gape en strak gesigte tot 'n klompie intelligente vrae en kommentare. Jy't selfs dié gekry wat vir jou grappies lag. 'n Mens voel tog daarna asof jy 'n verskil gemaak het om hulle dié grote biblioteek en sy personeel minder intimiderend te laat ervaar.

Natasja Malherbe

Die rondleidings van die eerstejaars is hul eerste kennismaking met Die Bib en die studente is baie ontvanklik vir enige indrukke. Aangesien eerste indrukke blywend is, is dit dus die ideale geleentheid om 'n positiewe en aangename beeld van die bib te skep! Dankie vir almal wat hierdie geleentheid saam met ons geniet het!

Hanlie Strydom



Die rondleidings in die biblioteek is baie positief ervaar deur die studente met wie ek kontak gehad het. Ek het een oggendgroep studente baie jammer gekry, want dit het glad nie gelyk of hulle enige slaap die vorige nag gekry het nie. Om van my middaggroep nie eens te praat nie. Tog, ten spyte van hul moegheid wou hulle nog steeds iets van die oriëntering saam met hul neem en hier dink ek het ons uitbeelding van die biblioteek as 'n "bron van energie op kampus" baie goed geslaag. Ek dink die rondleidings het daarin geslaag om die biblioteek in die studente se "mind map" te plaas.

Niel Mostert

Rondleiding is fun fun fun! Om die blink nuwe gesigte van Nuwelingstudente te sien, te kan spog met ons mooi, goeie en lekker biblioteek en die kans om weer ons eie omgewing deur vars, entoesiastiese oë te sien is ’n positiewe inspuiting wat ek graag elke jaar wil kry. Soos in die woorde van Herman van Veen "Erg aan te bevole!"

Carine Tymbios

Vir my is dit baie interessant hoe verskillend mense reageer in 'n "vreemde" omgewing. Beskermde Versamelings bly steeds 'n treffer!

Paula Conradie

Die rustige atmosfeer is amptelik oor, sodra die biblioteektoere vir nuwelingstudente plaasvind. Skielik word ons oorweldig deur verskillende koshuis kleure en klere. Ek ervaar my eerste rondleiding gewoonlik as die groot "ice breaker", en gewoonlik gee ek meer inligting deur as wat ek seker moet. Besef dan agterna dat ek die arme nuwelingstudente heeltemal verwar het. Wat my natuurlik ontsenu - die sleepvoete waarmee studente my volg, en dan die massa verkeer wanneer ons skielik in nog 'n groep vasloop. Dit is soos wie was eerste op hierdie "spot", of jy weet presies waarheen jou kollega oppad is, en jy wil eerste daar wees. Marleen weet waarvan ek praat. Snaaks genoeg het ek nie een "tannie" aanspreekvorm vanjaar gekry nie. Seker maar omdat ek al hoe jonger lyk.

Lindall Adams


... Sjoe, maar dis ’n groot en besige biblioteek, tannie. ’n Opmerking van ’n student in ’n sessie het die gevoel verwoord van vele ander eerstejaars. Die grootsheid van Stellenbosch, druk oriënteringsprogram en eerste ontmoeting met ’n ondergrondse biblioteek het by tye sy tol geëis met uitdrukkinglose oë en onderlangse gape. ’n Vragie en verhoogde stemtoon het darem af en toe tot my redding gekom en weer die sieletjies teruggebring. Die bilioteektoere het net weer die belangrikheid van 1ste indrukke is blywend by my bevestig en die groot verantwoordelikheid wat op rondleiers se skouers rus om hierdie kliëntegroep aan ons kant te hou.

Joanne Arendse



# FILM en MUSIEK









## THE DARJEELING LIMITED

Dis een van daardie flieks wat jy of vurig haat of jy's dol daaroor!... en daarom beslis nie die tipe fliek wat mens sommer goedsmoeds vir iemand anders moet aanbeveel nie.

Ek het in die laaste kategorie geval en was geheel en al betower deur die fliek. Bang dat ek iets sal misloop, het ek dikwels geskaterlag na binne maar was dus doodstil in die fliek. Totaal onvoorbereid op die genre het ek niks-vermoedend in die fliek gestap en was eenvoudig meegesleur deur die asem-benewende skermtonele wat in die fliek geskep is. Dit lyk soos noukeurig gestileerde skilderye en mens voel eintlik jy wil "Stop 'n bietjie! " roep... Aweregse humor deurspek die fliek en die tonele van Indië se stede, die platteland, skouspelagtige besien-swaardighede soos die Taj Mahal en heiligdomme (sacred shrines) is rede genoeg om die fliek te kan geniet.

Regisseur Wes Anderson se vorige 2 flieks "The Royal Tenenbaums" en "Life Aquatic with Steve Zissou" het reeds kultusstatus bereik en "The Dar-jeeling Limited" bou voort daarop.

Owen Wilson, Adrien Brody ("The Pian-ist") en Jason Schwartzman is die 3 vervreemde broers wat op 'n pelgrim-stog deur Indië met die trein, "The Dar-jeeling Limited" reis. Die oudste broer (Wilson) wat die toer gereël het, se doel is eintlik om hul ma (Anjelica Huston) te besoek waar sy in 'n afge-leë klooster in Indië werk. 'n Reuse aantal Louis Vuitton reistasse vergesel die broers op hulle tog en quirky, wacko insidente volg. Verrassings is om elke draai. Die musiek in die fliek word ook interessant ingespan om humor te skep.

## THE BUCKET LIST

Dis 'n fliek wat elke mens terdeë sal geniet. Meeste mense het lekker ge-huil en lekker gelag in die fliek. Weer eens is die tonele van skouspelagtige besienswaardighede 'n rede om bietjie duurder te betaal en wel die fliek op die grootskerm in 'n teater te gaan sien. The Great Wall of China, 'n uitsig van bo-op 'n piramide, straattonele in Indië, die Taj Mahal. Die Himalayas, Hong Kong en die suide van Frankryk is maar 'n paar hiervan.

Jack Nicholson en Morgan Freeman vertolk die hoofrolle en is beide oor-tuigend, soos gewoonlik.

## THE LIVES OF OTHERS

'n Duitste klankbaan met Engelse onderskrifte: verfrissend aangesien die akteurs vir ons gehore heeltemal onbekend is. Die storie handel oor 'n aantal mense in 'n woonstelblok in Oos-Berlyn in 1984, 5 jaar voor die val van die muur. Die STASI, (veiligheids-polisie) voer 'n skrikbewind deur te spioeneer op gewone mense, hulle te agtervolg en selfs af te luister. 'n STASI agent word geïnstalleer in die woonstel bo 'n beroemde toneelskrywer en 'n aktrise om hulle bewegings met mee-luister-apparaat te dokumenteer. Die atmosfeer is sinister, donker en be-klemmend. 'n Wêreld van onderdruk-king en totale afwesigheid van indi-viduele vryheid, deurspek met emo-sionele geweld, word raak uitgebeeld. Die staat aas op mense se swakhede en gebruik dit vir eie gewin. Die pro-tagonis en antagonis word slim vervleg en die dun skeidslyn tussen oorlewing en selfvernietiging, verraad en heroïsme lei tot die klimaks van die fliek. Dis 'n swaar en donker fliek, maar puik en beslis die moeite werd en NIE mis te loop nie.

Carine Tymbios

## Vier flieks, drie venues

Met die sluit van die Neelsie Cine is ons gedwing om die afgelope tyd verder te ry om goeie flieks te sien. Eikestad Mall en Somerset Mall se Ster-Kinekors het egter net na die sluit van die Neelsie Cine 'n paar goeie flieks gewys, maar tot ons spyt ook nie vir lank nie. Hopelik vlam die vuurtjie weer die een of ander tyd op.

*Atonement* en *The Kite Runner* was te

siene by die Somerset Mall en wel later by die Eikestad Mall ook. Ek het *Atonement* van Ian McEwan pas klaar gelees in Januarie en kon my opgewondenheid nie bedwing toe ek sien daar sou binnekort 'n filmweergawe uitkom nie. Maar toe ek sien James McAvoy speel die hoofrol het ek besef hier kom 'n wenner. Wel, intussen het ek hierdie fliek reeds twee maal gesien. Die storie ken ek nou deur en deur en ek het besef dit gaan dieselfde impak en bekoring inhou wat *Out of Africa* vir my gehad het. Ek het dit 10 maal gesien, maar elke keer begin ek vroeër in die fliek huil, want nou weet mens mos wat kom! Ja, mens kan nie daarvan wegkom dat dit 'n tragiese verhaal is nie, maar *Atonement* is uitstekend verfilm. Elke toneel is uit die boek, die spel is voortreflik en James McAvoy is pragtig!

*The Darjeeling Limited* het by die Eikestad Mall gewys. Dit is 'n ongewone fliek, maar uiters interessant, snaaks en hartverwarmend. Die hoofkarakters is drie broers, en elkeen op sy eie manier 'n vreemde wese, elkeen verslaaf aan die een of ander drug. Die toneel waar hulle van drie kinders twee van uit 'n vol rivier red en dan saam met die gemeenskap rou oor die seun wat verdrink het, is werklik spesiaal. Alle aspekte van reis word aangeroer in hierdie fliek, op 'n aweregse manier natuurlik. Die "lost in translation"-gevoel, die opwinding van nuwe plekke en nuwe ervarings, die bande wat met medereisigers gesmee (of verbreek!) word en die leer ken van die inheemse kultuur wanneer jy werklik moeite doen om tyd saam met die plaaslike mense deur te bring.

Ek wil vinnig iets ook iets noem oor *The lives of others*, wat ek by die Labia in Kaapstad gaan kyk het. Die Labia self verskaf reeds 'n deel van die besondere ervaring... Ek het na die fliek in 'n dwaal daar uitgestap om 'n koppie koffie te gaan drink by Vida e Caffé net om die draai van die Labia en eers toe ek daar sit en nadink oor die fliek, het die volle impak my getref. Nie net oor wat die karakters deurgegaan het in die fliek nie, maar ook oor dit wat soveel mense oor eeue en eeue van oorlog en onderdrukking moes en nog steeds moet deurmaak.

**Marié Roux**

## Onder 4 Ogen - Herman van Veen en Edith Leerkes

Dit was my voorreg om op 26 Januarie na bg. vertoning in die Endlersaal te gaan kyk. En wat 'n belewenis was dit nie. Herman van Veen word in Nederland gereken as een van die grootste beoefenaar van die kleinkuns en nadat ek sy vertoning gesien het, kan ek verstaan hoekom. Hy vermaak sy gehoor met sy viool, liedjies, stories en kis vol rekwisiete. Hy is sanger, harlekyn en meester van vele instrumente, alles terselfdertyd. Hy is bygestaan deur die kitaarspeler Edith Leerkes, wat self 'n uiters talentvolle kunstenaar is, en hulle twee saam vorm 'n musikale vennootskap.

Herman van Veen beweeg op die oog af moeiteloos oor die verhoog (hy is 62 jaar oud en spog dat hy die oupa van 'n sewejarige kleinseun is), en sy verskillende items wissel hy af met viool, klavier, sang, vertellings asook toorkuns en mimiek. Hy laat jou die een oomblik lê van die lag, die volgende oomblik roer hy jou siel. Hy gebruik alledaagse insidente en omskep dit tot iets buitengewoons. Daarom miskien dat die gehoor soveel aanklank by hom vind.

Hoogtepunte is vir my moeilik om te noem, maar sy vertolking van al die rolspelers in 'n opera, van die bariton tot die koor, sy uitbeelding van 'n pianis se uitvoering van 'n moderne klavierwerk (die arme Bösendorfer-klavier moes behoorlik deurloop!), sy draakstekery met 'n balletdanser se finale buiging asook sy telefoongesprek met Johnny Walker, het ek baie geniet. Die aand was voorwaar heerlike vermaak.

**Margaret Bergh**







***"Hy laat jou die een oomblik lê van die lag, die volgende oomblik roer hy jou siel."***

# BOEKE








## Chick Lit

Dit was omtrent 'n jaar gelede dat ek eers daarvan bewus geword het dat die boeke waaraan ek so lekker lees onder die genre "chick lit" val ("frothy tales of twenty somethings and thirty somethings looking for weight loss, Mr Right and the perfect job", aldus Carol Memmott in *USA Today*, 21 Junie 2006). Van moord en doodslag en misdaad en spioenasie het ek lankal genoeg gehad, buitendien is elke koerant vol daarvan. om nie te praat van elke aand se nuusuitsending nie, so ek het al hoe meer onmisdadige, onbloeddorstige boeke gesoek, en op die ou einde beland ek toe by chick lit.

Die genre het blykbaar destyds begin met Helen Fielding se *Bridget Jones' Diary* en is gevestig deur Candace Bushnell se *Sex and the City*. Vandag is die lys van chick lit skrywers jaartse en jaartse lank, en my stille vermoede is dat daar 'n hele paar manlike skrywers skuil agter al die vroulike *noms de plume*. Watter geslag ook al, hulle lag almal heelpad bank toe want hulle boeke verkoop soos soetkoek.

Eers het ek gewonder wat dit sê van my as professioneel opgeleide bibliotekaris, hierdie chick lit lesery, maar ek het besluit dat daar sekerlik van my kollegas is op verskeie vastelande wat ook tel onder die enorme leserstal, en buitendien, so what? Nog 'n vermoede (ongestaaf so ver) is dat daar dalk 'n hele paar manlike lesers ook is, soos party van ons se gades wat skelm ons *Sarie* en *Rooi Rose* lees…

Name soos Marian Keyes, Cecelia Ahern, Lauren Weisberger, Emma McLaughlin of Sophie Kinsella sien mens selde op jou openbare biblioteek se rakke want sodra een vrou dit inhandig by die bib raap 'n ander een dit op en jaag huistoe om te begin lees.

My gunsteling is Nora Roberts, wat onder die skuilnaam JD Robb futuristiese speurverhale skryf. Sy is amper so produktief soos Barbara Cartland maar haar stories het baie meer om die lyf en haar boeke is drie keer so dik. Sy doen deeglik navorsing vir elke storie, ongeag of die agtergrond rose kweek. paleontologie, brandstigting of juweeldiefstal is. Waar en hoe sy haar navorsing doen vir die liefdestonele wil ek liewers nie weet nie, want soms kom daar stoom by jou ore uit wanneer jy dit lees, dis seker genoeg as ek sê ek is bly my ma is nie meer in die rondte om te sien watse soort boeke haar eersgeborene lees nie! Dis egter nooit te klinies of tegnies nie maar altyd in die beste van smaak. Ek wonder tog waar en hoe…

Daar is verskeie vertakkings van chick lit: Chica Lit (gemik op Spaanssprekende Amerikaners), Christian Chick Lit, Hen Lit (vir middeljarige lesers), Teen Lit (vir tieners), Black Chick lit (vir swart lesers) en, vir manlike lesers, Lad Lit.

'n Aantal titels is reeds verfilm (*Bridget Jones' Diary, The Devil wears Prada, The Nanny Diaries*). In sulke uiteenlopende lande soos Indië en Duitsland is chick lit sterk aan die gang. Dis orals en almal lees dit. Soos Carol Memmott sê in *USA Today* van 21 Junie 2006: "Chick lit, for better or worse, is here to stay".

Bronne:
http//en.wikipedia.org/wiki/Chick_lit
http://www.usatoday.com/life/books/news/2006-06-20-chick-lit_x.htm

Elsie Geldenhuys

---

***Emotionally intelligent living* by Geetu Orme**
Location BPK 152.4 ORM

Since I started working at USBI more than a year ago I've come across different concepts that interest me. One of them is emotional intelligence.

'Being emotionally intelligent involves tuning into emotions, understanding them and taking appropriate action' as defined by Geetu Orme. When you have a conversation, are you tuned into how you and they are feeling? Do you understand why you feel what you do? Do you act in line with these feelings? Are you resilient and able to cope with life crises? These questions all have to do with your emotional intelligence.

Geetu Orme divides her book into three parts. Part one deals with the science of emotional intelligence, the different schools of thought and how emotional intelligence can be measured. Part two looks at your personal life, your family, your friends and your relationships. The final section deals with work life, career, working in a team, leadership and decision making.

This book is easy to read with everyday examples to make you understand the concept better. It helps us understand ourselves and our habits and will help us to make better choices.

Judy Williams


## Homecoming
## Bernhard Schlink

As a child raised by his mother in post-war Germany, Peter Debauer becomes fascinated by a story he discovers in the proof pages of a novel edited by his grandparents. It is the tale of a German prisoner of war who escapes from a Russian camp and braves countless dangers to return home to a wife who believe him to be dead.

But the novel is incomplete, and Peter becomes obsessed by the question of what happens when the soldier and his wife meet again.

Years later, Peter embarks on a search for the missing chapters, and unwittingly becomes involved in the mystery of his own father's disappearance. As he begins to unravel the past he is forced to question his own identity, and learns that reality is sometimes a reflection of the expectations of others, and that truth and fiction often intertwine.

By the author of the critically acclaimed and internationally bestselling, *The reader*, *Homecoming* is a mesmerising tale of discovery, of the search for identity and of the need for understanding and forgiveness.




*Resensie van PROTEA Boekehuis*

## Beste Boek

***The Art of Possibility: Transforming Professional and Personal Life / Rosamund Stone Zander, Benjamin Zander***

Ben Zander is 'n wêreldbekende dirigent, musikoloog en motiveringsghoeroe. Op 45-jarige ouderdom het hy iets ongeloofliks ontdek: "Die dirigent maak geen enkele geluid nie. Die dirigent se krag lê daarin om ander mense kragtig te maak. Daardie insig het alles vir my verander".

Sedertdien gebruik hy die simfonie-orkes en die dirigent as metafoor om alle mense te inspireer, van sakelui tot gewone mense. So verwys hy bv. na die Second Fiddle: "It is the habit of thinking you make no difference". Hy word vergesel en ondersteun deur sy vennoot, die psigoterapeut Rosamund Stone Zander. Saam het hulle ook die blitsverkoper *The Art of Possibility* geskryf.

Die boek verskaf 6 praktyke of gewoontes wat jou uitkyk op die lewe verander. Jy hou op om dinge as goed of sleg te sien. Jy vra eerder : Het dit gebeur en wat doen ons nou? Die hoogtepunt vir my in die boek was reël nommer 6: "Rule Number 6 is 'Don't take yourself so damn seriously'". "Ah", says his visitor, "that is a fine rule". After a moment of pondering, he inquires, "And what, may I ask, are the other rules"? "There aren't any".

Geniet die boek en onthou "Rule number 6"!

Hanlie Strydom

